

HOOFSTUK VI.

DIE ALGEMENE VERLOOP VAN DIE ONDERWYS NA 1907. EN DIE VORDERING OP ONDERWYSGEBIED.

Die Algemene verloop van die Onderwyswet vanaf 1907 tot 1910

1. Inleiding.

Die Onderwyswet van 1907 het op 1 Oktober van daardie jaar in werking getree, met uitsondering van die „Raad van Onderwys" wat sy dienste reeds op 26 Augustus aanvaar het.¹⁾

Die Onderwysdepartement, onder leiding van die Minister van Onderwys en die Direkteur, wat 'n uitgesproke onderwysman was met 'n wye ervaring, het gevoel dat, sonder 'n reeks instruksies, bepalinge en regulasies, die omvattende Onderwyswet nie tot sy volle konsekwensies uitgevoer kon word nie. Tesame met onderwyskommissies het die Departement op elke vertakking van die Onderwyswet 'n reeks regulasies laat volg, sodat die onderwysmasjinerie glad kon verloop. Hierdie regulasies moes as leidraad dien vir die Departement self, vir die uitvoerende personeel, die besture, beherende liggame asook vir die onderwysers.

Nadat die Wet in werking gestel is, en die tekortkominge wat stremmend gewerk het op onderwysgebied waargeneem is, is wysiginge en aanvullings by die regulasies en bepalinge gevoeg om so die saak beter te bevorder.

2. Die Algemene Bepalinge en Instruksies van Onderwys.

In die loop van 1907 is 'n offisiële handboek uitgegee bevattende die Onderwyswet en die instruksies wat die Wet en die regulasies in verband met die Wet omskryf het.

(a) Departementele Instruksies betreffende Openbare Onderwys.

Die eerste regulasies wat opgestel is, was die reëling vir die nominasie en verkiesing van 'n skoolraad en 'n skool-

kommissie volgens Hoofstuk IX van die Onderwyswet van 1907¹⁾
in nommers 1 en 2 van die instruksies en regulasies.²⁾

Goewerneur Selborne het die aantal lede van die ses-en-
twintig skoolrade soos volg vasgestel:³⁾

Twaalf lede elk.

Heidelberg
Lichtenburg
Marico
Potchefstroom
Pretoria
Rustenburg
Ventersdorp
Witwatersrand-Sentraal
Witwatersrand-Oos
Witwatersrand-Wes

Nege lede elk.

Barberton
Bethal
Bloemhof
Carolina
Ermelo
Klerksdorp
Lydenburg-Noord
Lydenburg-Suid
Middelburg
Standerton
Volksrust
Wakkerstroom
Waterberg
Witwatersberg
Wolmaransstad
Soutpansberg

(i) Diensvoorwaardes van Skoolraadsekretarisse.

Instruksies vir diensvoorwaardes van skoolrade is in
instruksies 5-12 van die Offisiële Handobek vervat.⁴⁾

Applikasies vir die betrekking van sekretaris vir die
skoolraad sou deur die Goewerment in die Staatskoerant aan-
gevra word. Een naam uit die lys van applikante moes ter
goedkeuring deur die Raad aan die Direkteur voorgelê word.
Vir 'n finale beslissing is die saak aan die Administrateur
gerapporteer. Son amptenaar moes medies geskik wees vir
son pos.

Salarisse en toelaes van sekretarisse het gewissel van
£75 en £60 onderskeidelik in plattelandse skoolrade tot £600
en £120 onderskeidelik in Rand Sentraal.⁵⁾

Vanaf 1 Julie 1910 is die salarisse van sekretarisse
van skoolrade en beherende liggame hoër gestel. Hier be-
newens is ook reistoelae aan die betrokke amptenare toege-
ken as hulle op amptelike diens van die kantoor afwesig

-
1. Onderwys Wet, 1907, Instructies en Regulaties, 53.
 2. Ibid., Instruksies 1 en 2.
 3. Goevernements Kennisgewing Nr. 1099 van Nov. 1907.
 4. Onderwys Wet, 1907, Instructies en Regulaties, Arts. 5-12.
 5. Goevernements Kennisgeving No. 1325 van 1907

was. Skoolbeamptes se salarisse en siekteverlof op die Rand en platteland is ook ingestel. Die salarisse het gewissel van £250 tot £150 onderskeidelik.

Voorsiening is ook gemaak in Hoofstuk II, afdelings 13-15 van die Openbare Diens- en Pensioenakte van 1908, soos dit geamendeer is deur die Openbare Diens- en Pensioenakte en die amendement van 1909 wat mutatis mutandis van toepassing sou wees op skoolraadsekretarisse en skoolbe-¹⁾soekbeamptes.

Dienstermyn: Die sekretaris sou dieselfde ampstermyn hê as die lede van die skoolraad waaraan hy verbonde was. So n amptenaar sou op aanbeveling by die Direkteur ontslaan word as gevolg van fisiese ongeskiktheid of wangedrag. As die Direkteur nie n beslissing kon gee nie, sou die saak na die Minister van Onderwys verwys word. Beëindiging van diens kon ook toegestaan word deur bedanking of ontslag na drie maande kennisgewing of n korter termyn al na die aard van die saak.²⁾

Siekteverlof aan Sekretarisse en Skoolbeamptes.

In 1909 is siekteverlof by die regulasies bygevoeg. Siekteverlof met vol salaris sou aan skoolraadsekretarisse en -beamptes vir drie en meer dae toegestaan word mits n mediese sertifikaat van sodanige ongesteldheid ingehandig word.

Na elke drie jaar vanaf die datum van diensaanvaarding sou sulke amptenare geregtig op siekteverlof met vol salaris wees. Indien son amptenaar na son verlof nie by magte sou wees om sy diens te hervat nie, kon met goedkeuring van die Direkteur die verlof tot n verdere ses maande verleng word sonder salaris. Na die verloop van son verlengde verlof kon son amptenaar ontslaan word as hy nie sy werksaamhede hervat nie. Vir alle afwesigheid deur siekte vir drie

1. Administrateurskennisgeving No. 38 van 20 Julie 1910.
2. Goevernements Kennisgeving No. 1325 van 1907.

dae of meer moes skriftelik op die voorgeskrewe vorms by die Departement aansoek om verlof gedoen word.

Sulke amptenare was op geen ander verlof geregtig nie. Skoolrade kon verlof volgens eie goeëdunke toestaan met die voorbehoud dat n bevredigende plaasvervanger aangestel word, dog sonder ekstra uitgawes vir die Goewerment.¹⁾

(ii) Verpligte Onderwys.

Volgens art. 21 van die skoolwet rus die verpligting op die skoolraad om die regulasies met betrekking tot skoolplig uit te voer. „Het bestuur zal in zyn distrikt, gestreng de voorzieningen in deze wet handhaven ten opzichte van het verplicht schoolbezoek.”²⁾

Die volgende wenke moet gevolg word: elke Raad moes eers ondersoek instel na die hoeveelheid ouers wat in gebreke bly om volgens art. 19 (1) van die wet hulle kinders gereëld die skool te laat besoek en in hoeverre die versuim toegeskryf moet word aan gebrek aan geleentheid. Elke skoolraad dien te weet hoeveel kinders daar in die distriktussen agt en veertien jaar is wat binne die drie myl straal woon; of indien nie binne drie myl nie moet die kinders in staat gestel word om die skool te bereik met vervoermiddels soos deur die Goewerment verskaf; hoeveel tog nie die skool besoek nie en ewemin vrygestel word deur een van die bepalinge van subart. (1) of art. 19 van die wet; vir hoeveel kinders daar ruimte in die skole van die distrikt is; of die skoolmeubels in die behoefte voorsien; of meer skoolruimte nodig is omdat die skole met die oog op die skoolbevolking op n ongeleë plek opgerig is.³⁾

Nadat hierdie inligting verkry is, moes die Raad n volledige rapport instuur oor die toestande in die distrikt en meer in die besonder rapporteer of daar meer skoolruimte

1. Goev. Ken. Nr. 910 van 1909.

2. Wetten van de Transvaal, 1907, Art. 21.; Administrateurskennisgeving Nr. 38 van 20 Julie 1910.

3. Onderwyswetten van 1907, 1908, 1909, Arts. 141-142.

verskaf moes word, en indien wel, hoeveel en waar; of in die behoefte van die distrik met betrekking tot skoolruimte voorsien kan word deur vervoermiddele, skemas vir kos-¹⁾huise of enige ander plan van konsentrasie.

Die werk van die skoolbesoekbeampste sal hoofsaaklik sensuswerk wees om vas te stel welke ouers se kinders die skool nie besoek hie, en welke ouers se kinders die skool nie gereëld besoek nie.

Dit is met betrekking tot laasgenoemde, naamlik onge-
reëldde skoolbesoek, dat verwag word dat onmiddellik gevolg
gegee moes word aan die artikels van die wet wat oor ver-
pligte skoolbesoek handel.²⁾

(iii) Voorsiening in die Behoefte van Onderwysfasili-
teite.

Algemene Bepalinge: Een van die belangrikste pligte van die
skoolrade sal wees om te oorweeg hoe die kinders in die
kolonie binne die bereik van openbare onderwys gebring kan
word sodat hulle daarvan die groots moontlike voordeel kan
trek vir hulle ontwikkeling met so min moontlik onkoste vir
die skatkis. Op die volgende wyses kon die onderwys binne
die bereik van iedere kind gebring word: Eerstens deur die
aanbeveling van geldelike ondersteuning aan private skole
onder art. 17 van die onderwyswet; tweedens deur die aan-
beveling tot die oprigting van laer, middelbare of ambag-
skole en voortsettingsklasse kragtens arts. 23(1), 24 en
25 onderskeidelik van die onderwyswet; derdens deur die
geld wat beskikbaar gestel is kragtens art. 6(1) van die
wet aan te wend vir die oorbring van kinders na 'n openbare
skool of deur huisvesting naby 'n skool beskikbaar te stel.³⁾

(iv) Konsentrasie op die Platteland.

Die verspreide landelike bevolking was destyds 'n groot
vraagstuk vir die bestuur in die onderwys. Die privaat

1. Onderwyswetten, 1907, 1908, 1909, Art. 142.

2. Ibid.

3. Ibid.

skole, subsidies ten behoeve van een of meer families, vervoer- en losiesbeurse het groot ongerief veroorsaak. n Beleid van sentralisasie, waar die kind in groter sentra tot by die skool gebring moes word of van desentralisasie, waar die skool by die kind gebring moes word, moes gevolg word. Die nadele van een- en tweemanskole in verband met groepering van klasse is terdeë besef. In die kleiner skole is deur sulke groepering die onderwys nie doeltreffend nie. In groter skole word vir elke addisionele onderwyser die klassifikasie van die leerlinge nader in ooreenstemming met die ouderdom en bekwaamheid van die verskillende skooliere gebring.¹⁾

Die landsomstandighede in 1907 was van son aard dat dit nodig was om eenmanskole met 25-35 leerlinge te onderhou en ook nog kleiner privaat skole kragtens art. 17 van die wet. Die Departement het sterk daarop aangedring dat tweemanskole met 35-45 leerlinge die kleinste eenheid in die stelsel van openbare skole moes wees; dit sou finansieel voordelig en in belang van die kind en die omgewing wees. Die Rade moes nou die onderwyskragte sentraliseer deur n uitgebreide vervoer- en losiesstelsel om so die kleinskoolstelsel uit te skakel.²⁾

(v) Sentralisasie in die Stede.

Die sentralisasievraagstuk was eers hoofsaaklik net tot die plattelandse skole beperk. In die stads gedeeltes langs die Rand is n stelsel gevolg waarby n hoofskool en een of meer junior skole van laer rang in die behoeftes van die onderwys in die besondere wyke voorsien het. Die hoogste klasse in die junior skole was gewoonlik standerd III, terwyl die hoofskool alle klasse betrek het.

Die beginsel van sentralisasie is op die hoogste klasse toegepas. Die doel met hierdie konsentrasie was om so

1. Onderwys Wetten 1907, 1908, 1909, Art. 144.

2. Ibid.

ver moontlik elke klas van n onderwyser te voorsien en vir elke kind die beste onderwys te verskaf. Bowendien kon slegs onder sulke omstandighede met die stelsel praktiese opleiding in hande-arbeid vir seuns en huishoudkunde vir dogters behartig word.¹⁾

(vi) Konsentrasie van Middelbare Onderwys.

Kragtens art. 23(1) van die skoolwet kon aan laerskole afdelinge vir middelbare onderwys verbonde wees. Selfs in plattelandse dorpe behoort elke voorstel om n afdeling vir middelbare onderwys aan n laerskool te voeg, baie noukeurig oorweeg te word, want gewoonlik is in sulke skole baie tekortkominge in verband met onderwyspersoneel, akkommodasie, leermiddele en ander fasiliteite. Ten einde reg aan bekwame leerlinge te laat geskied, is hoërskoolbeurse jaarliks uitgelooft. Kosteloos kon sulke leerlinge met vry losiesbeurse hulle studies voortsit.²⁾

(vii) Oprigting van Skoolgeboue.

Alle aansoeke vir die oprigting, koop en huur van skoolgeboue, onderwyserswonings, koshuise of eiendomme wat aan skole behoort, moet aan die skoolraad gerig word. Die Raad behoort dan reëlings te tref om indien nodig son skool te open vir n proeftyd van ten minste twee jaar en wel in n huurgebou.

Son gebou moes eers deur n stads- of goewermentsampenaar van gesondheid gekeur word.

In geen geval kon n skool geopen of gesluit word nie behalwe met die toestemming van die Departement en op aanbeveling van die Raad. Die reël het gegeld dat alle goewermentsgeboue uitsluitend opgerig sou word op gronde wat die onbeswaarde eiendom van die Goewerment was. Die administrasie kon kragtens art. 88(1) van die onderwyswet sulke gronde onteien, of n huurkontrak van ten minste 99 jaar

1. Onderwys Wetten, 1907, 1908, 1909, 144.

2. Ibid., 145.

1)
aangaan.

Skoolgeboue vir minder as 100 leerlinge kon deur plaaslike belanghebbers opgerig en deur die Goewerment gehuur word; of die Departement kon dit self oprig ooreenkomstig vasgestelde planne.²⁾

(viii) Onderhoud van Skoolgeboue.

Vir die onderhoud van skoolgeboue is aan die begin van elke finansiële jaar ten behoeve van elke Raad 'n bepaalde som toegeken ter bestryding van uitgawes vir die herstelling en verandering van skole en bybehorende geboue. Hierdie uitgawes word jaarliks as kleiner uitgawes op die begroting van die Raad geplaas.³⁾

Reinigingsdienste vir stedelike skole is deur die administrasie bestry en vir buiteskole is die putstelsel deur geneeskundige beamptes aanbeveel.

Ten behoeve van elke skool word 'n vaste maandelikse toelaag aan die skoolhoof betaal waarvan die bedrag na die grootte van die skool varieer.⁴⁾

(ix) Skoolbenodigdhede:

Die skoolbenodigdhede bestaan uit skoolmeubels, boeke en skryfbehoeftes, wetenskapapparaat, huishoudkunde- en handwerkmateriaal.

Die skoolraad gaan gewoonlik self kontrakte aan vir die lewering van skoolmeubels vir buiteskole, terwyl die Departement kontrakte aangaan vir die lewering van meubels vir stad- en dorpskole.

Die Rade kan magtiging verleen vir uitgawes tot die herstel van meubels uit die gelde vir hierdie doel toegewys.

Skoolbëeke, behoeftes en uitrusting vir wetenskappe,

-
1. (a) Wetten van de Transvaal 1907, Wet Nr. 25 van 1907, Arts. 21-23;
 - (b) Onderwys Wetten 1907, 1908, 1909, 144-145.
 2. (a) Onserwys Wetten, a.w., 144-145;
 - (b) Wetten van de Transvaal, 1907, Wet Nr. 25 van 1907, Arts. 24-30.
 3. Ibid., Arts. 31-36.
 4. Onderwys Wetten 1907, 1908, 1909, 146.

houtwerk en kookkuns word per rekwisisie deur die skoolhoof van die Departement aangevra.¹⁾

(x) Beurse.

Die regulasies waarvolgens beurse uitgegee sou word onder art. 6 van die onderwyswet op aanbeveling van die Onderwysraad onder arts. 8(e) en 90(1)(e) van die wet word in artikels 54 tot 106 van die instruksies bepaal.²⁾

Voorsiening vir die verkryging van die nodige onderwys is gemaak alleen vir leerlinge wie se ouers of voogde Britse onderdane is of aansoek gedoen het vir naturalisasie en vir ouer leerlinge wat onderneem om Britse onderdane te word, deur middel van: vervoer-, reis-, studie- en losiesbeurse.³⁾ Dit sou vanaf 1 Januarie 1909 in werking tree.⁴⁾

Beurse is alleen toegestaan aan leerlinge wat sonder finansiële hulp nie in staat is om die nodige onderwys te verkry nie. In die geval van applikante wat om beurse vir middelbare onderwys aansoek doen, sou alleen die aansoeke oorweeg word wat na die mening van die Direkteur bekwaam genoeg is om son hoërskoolkursus voordelig te volg. As dit sou blyk dat daar geen finansiële sorge meer is nie, kon son beurs teruggetrek word.

Indien daar voldoende beursfondse bestaan, kon n beurs-eksamen aan die einde van die laerskool ingestel word.⁵⁾

Laerskoolbeurse: Losies vir nie meer as 1/- en transportbeurse vir nie meer as 6d. per dag sal deur die raad toegestaan word aan leerlinge wat nie minder as 3 myl van die skool af woon nie en wat volgens art. 19 van die skoolwet verplig is om openbare skole te besoek.⁶⁾

Sertifikate vir treinkaartjies kon deur hoofde van skole aan leerlinge uitgereik word om openbare skole te

-
1. Onderwys Wetten 1907, 1908, 1909, 146-150.
 2. Onderwys Wet 1907, Instrukties en Regulaties, Arts. 54-106.
 3. Onderwys Wet 1907, a.w., Art. 54.
 4. Goev. Ken. Nr. 1442 van 1909.
 5. Onderwys Wet 1907, a.w., Arts. 55-59.
 6. Onderwys Wet 1907, a.w., Art. 61.

besoek as son skool nie nader as drie myl van die wonings van die skoliere geleë is nie en as die huislike omstandighede van die leerlinge dit regverdi¹⁾g.

Leerlinge kon vir spesiale vakke in sentra ook serti-fikate ontvang wat deur die hoof op magtiging van die in-spekteur verleen is. Sanksie moes eers deur die Direkteur verkry word watter leerlinge gemagtig is om na sulke sen-tra af te reis.²⁾

Behalwe toegekende losies- of transportbeurse kon die Rade ook afsonderlike transportskemas op goedkeuring van die Direkteur instel en wat uit die toegestane vervoerfond-se bestry kon word.³⁾

Hoërskoolbeuse: Jaarliks kon alleen n beperkte aantal stu-diebeurse aangebied word.⁴⁾

Son studiebeurs sou insluit vry onderrig in alle vak-ke van die leerplan, tesame met n boekbeurs van £3. Laas-genoemde beurse sou volgens die diskresie van die hoof toe-geken word.

Aan skole waaraan losieshuise verbonde is, is jaar-lik ook n beperkte aantal losiesbeurse vir leerlinge wat meer as drie myl van die skool af woon, toegeken indien daar nie vervoerfasiliteite was nie. Die Direkteur kon ook vervoerbeurse vir leerlinge wat verder as drie myl woon, toeken, mits die leerlinge se huislike omstandighe-de dit regverdig.⁵⁾

Leerlinge moes bo 12 en onder 14 jaar wees as hulle n hoërskool wou besoek. Daar kon egter n beperkte aantal beurse toegeken word aan leerlinge bo 14 en onder 16 wat hulle verbind het om na n normaalkollege te gaan na die voltooiing van hulle hoërskoolkursus en wat vervolgens diens onder die Departement sou aanvaar.

-
1. Onderwys Wet 1907, Instruksies en Regulasies, Arts. 62-69.
 2. Goev. Ken. Nr. 1442 van 1909.
 3. Onderwys Wet 1907, Arts. 61-69; Goev. Ken. 1442 van 1909.
 4. Onderwys Wet 1907, Instruksies en Regulasies., Art. 70.
 5. *Ibid.*, Art. 71-74.

Elke ouer van n hoërskoolleerling moes n verklaring onderteken dat die kind gereëld die skool sou besoek tot een jaar na die matrikulasie. Die ouer moes hom ook verbind om die koste aan son kursus verbonde, te vergoed, indien die kind sou faal om die kursus te voltooi.

Beurse kon jaarliks op aanbeveling van die hoof vernu word met dien verstande dat die Direkteur n beurs kon terughou weens wangedrag, ongereëldde skoolbesoek of n negatiewe rapport van die hoof.

Geen beurs was oordraagbaar na n ander skool nie, behalwe onder spesiale omstandighede waaroor die Direkteur sy beslissing moes gee.¹⁾

Ambagskoolbeurse en Beurse ter bevordering van Huisarbeid.

Ten einde seuns in staat te stel om n kursus aan die Pretoriase, Johannesburgse of Potchefstroomse ambagskool en ook aan ambagskole wat in die toekoms opgerig mag word, te volg, is jaarliks n beperkte aantal beurse van £1-15/- tot £3 per maand uitgelooft.

Die kandidate vir sulke beurse moes ten minste standerd IV van die laerskool op n bevredigende wyse deurloophet en ten minste 13 jaar oud wees. Die vader of voog van die applikant moes hom verbind om sy kind die volle kursus te laat deurloop.

Vry onderwys in bepaalde vakke kon gegee word aan beurshouers wat die nodige aanleg besit.

Leerlinge wat binne drie myl afstand van ambagskole woon, sou nie in aanmerking vir sulke beurse kom nie.²⁾

Vir die onderwys in weef en spin en dergelike handwerk wat deur die Transvaalse Huiswerkraad in die sentrale skool op Pretoria onderneem sou word, is ook jaarliks n aantal beurse uitgelooft wat die uitgawes vir losies en on-

1. Ibid., Arts. 75-83; Goev. Ken. Nr. 1442 van 1909.

2. (a) Onderwyswet 1907, Instructies en Regulaties, Arts. 84-90;

(b) Goevernements Kennisgewing Nr. 1442 van 24 Desember 1909.

onderwys sou dek. Die Raad vir Huisnywerheid sou ook die beurse uitgee en die beurshouers kies. Behoorlike waarborg vir terugbetaling van sulke beurse moes gegee word, as deur siekte die kursus nie vir ten minste een jaar gevolg kon word nie. Vrystelling van die verpligting sou onder besondere omstandighede deur die Direkteur op aanbeveling van die Raad gegee word.¹⁾

Beurse aan Laerskole met Middelbare Afdelinge: n Beperkte aantal beurse is jaarliks vir hierdie klas skole aangebied en dit het van £1 tot £3 per maand gewissel. Die kandidate vir sulke beurse moes ten minste standerd IV van die laerskool op n bevredigende wyse deurloop het en op 31 Desember van die jaar juis 13 jaar gewees het as hulle tot ambagskole toegelaat sou word. Die ouer of voog moes hom verbind om die seun die volle kursus op n ambagskool te laat deurloop. Na die kursus moes die ouer of voog n kontrak van leerlingskap aangaan sodra die leerling die proeftyd in die skool deurloop het.

Vry onderwys in spesiale vakke kon verskaf word aan beurshouers wat die nodige aanleg openbaar het.²⁾

Beurse aan Normaalkolleges volgens Artikels 26(1) en 5(e)(1) van die Wet. Om kandidate te steun om hulle vir die onderwysberoep te bekwaam, kon jaarliks n beperkte aantal beurse aangebied word wat jaarliks vernuut kon word vir nie langer as drie jaar nie. Vir die tydperk van algemene of akademiese opleiding sou sulke beurse gehou word aan n normaalkollege, die „Transvaalse Universiteits Kollege" of ander universiteitsinrigtinge wat deur die Minister goedgekeur is of in die geval van die algemene gedeelte van die Derde Klas Onderwyserssertifikaatkursus aan enige openbare skool wat deur die Direkteur goedgekeur is. Vir professionele opleiding sou die beurse almal aan n normaalkollege

1. Onderwyswet 1907, Instructies en Regulaties, Arts. 91-94.
2. Goev. Ken. Nr. 1442 van 14 Desember 1909.

verbonde wees.

Die grootte van die normaalkollegebeurs sou voldoende wees om die losies of lesfooie of beide te dek.

Nie-beurshouers in normaalkolleges kon, as hulle huislike omstandighede na die mening van die Minister dit regverdig, hulp ontvang in die vorm van onderhoud en transport.

By die toekenning van beurse sou voorkeur gegee word aan kandidate wat die volgende eksamens met goeie gevolge afgelê het: die toelatingseksamen van die Transvaalse Universiteitskollege of die matrikulasie-eksamen van die Kaap die Goeie Hoop; die eerste gedeelte van die Transvaalse Derde Klas Onderwyseksamen of enige eksamen wat deur die Direkteur daaraan gelykstaande beskou word. Ander kandidate sou na 'n kwalifiserende eksamen gekeur word of nadat bewys gelewer is dat 'n gelykstaande proeftyd deurgegaan is. Van die kandidate kon vereis word om 'n persoonlike ondersoek of mondelinge eksamen af te lê. 'n Sekere aantal beurse is vir kandidate van die platteland gereserveer.

Die beurshouers moes 'n waarborg gee dat alle gelde terugbetaal sou word ingeval hulle om die een of ander rede, behalwe siekte, in gebreke sou bly om hulle kursus aan die normaalkollege te voltooi, of as hulle na die opleidingskursus nie 'n onafgebroke diens in goewerments- of goewermentsondersteunde skole vir ten minste twee jaar voltooi het nie en waar son dienstydpark binne vyf jaar na die kursus deurloop is.

Beurse om die koste van losies of onderrig of van beide te dek, kon aan diensdoende onderwysers toegeken word wat die normaalkollege of enige ander sentrum deur die Direkteur erken, in die vorm van vakansiekursusse wou besoek om op die wyse hulle verder te bekwaam.¹⁾

Hoër onderwysbeurse onder Art. 6(4) van die Wet. Studie-

-
1. (a) Onderwyswet, 1907, Instructies en Regulaties, Arts. 91-98;
 - (b) Goev. Ken. Nr. 1442 van 23 Desember 1909.

beurse vir een jaar en hernubaar op aanbeveling van die hoof van die Transvaalse Universiteitskollege of ander universiteitsklasse of -inrigtinge deur die Minister goedgekeur, kon toegeken word aan kandidate wat geslaag het in die toelatingseksamen van die Transvaalse Universiteitskollege; of die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, of sodanige eksamen soos deur die Direkteur as 'n gelykstaande eksamen beskou word. Die volgende voorwaardes was daaraan verbonde: die kandidaat moes die genoemde eksamen tot bevrediging van die Direkteur met goeie gevolge afgelê het; die kandidaat moes waarborg gee dat hy die Transvaalse Universiteitskollege of enige ander universiteitskollege wat deur die Minister goedgekeur is, sal besoek en hom verder verbind om by die voltooiing van die voorgeskrewe kursus hom aan te meld vir die intermediêre eksamen in kunste, of die eerste gedeelte van die eksamen in die teorie van landmeters van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop of die eksamen vir die Diploma van die eerste jaar van die Transvaalse Universiteitskollege.

Op dieselfde wyse en voorwaardes kon beurse toegeken word aan kandidate wat die intermediêre eksamen in kunste of die eerste gedeelte van die eksamen in die teorie van landmeters met goeie gevolg afgelê het.

Die Minister kon losiesbeurse van £30 tot £60 per jaar aan studente toeken wat veraf woon, onder die voorwaarde dat gelet sou word op die posisie en algemene omstandighede van die beurshouers.¹⁾

Studente wat geen losiesbeurshouers was nie, kon, as hulle huislike omstandighede dit regverdig, hulp ontvang in die tegemoetkoming van die koste van hulle onderhoud en transport. Die beurse sou kwartaalliks uitbetaal word by vertoning van 'n vorderingsverslag deur die hoof van die

1. (a) Onderwys Wet 1907, Instructies en Regulaties, Arts. 99-104;
(b) Goev. Ken. Nr. 1442, Seksie 42 van 23 Desember, 1909.

1)
inrigting.

Die Minister kon voorts beurse, £200 nie te bowe gaan-
de nie, vir een jaar toeken aan enige erkende universiteit
of kollege en dit vernuut vir langer periodes op aanbeve-
ling van die hoof van son universiteit of kollege vir kan-
didate wat 'n diploma van die Transvaalse Universiteitskol-
lege of 'n graad van die Universiteit van die Kaap de Goede
Hoop verwerf het en hulle verbind het om 'n erkende kursus
van gegradueerdes te volg.²⁾

Die Minister kon in buitengewone omstandighede studie-
gelde toeken aan 'n beperkte aantal reisende studente wat
sekere navorsingswerk aan enige inrigting van onderwys bin-
ne of buite Suid-Afrika wou voortsit en wat geen studiebeur-
se verkry het nie.³⁾

(xi) Die Prosedure met betrekking tot Onderwysers in
die Benoeming van Poste.

Die regulasies wat in ag geneem moes word met betrek-
king tot onderwysers onder arts. 78-81 van die wet op aan-
beveling van die Onderwysersraad onder arts. 8(e) en 90(1)
(b) van die wet, is neergelê in Arts. 138-153 van die re-
gulasies:

1. 'n Vakature in 'n skool kon ontstaan deur die opening van
'n nuwe skool of by vermeerdering van die personeel;
deur die aanstelling van 'n personeellid op 'n ander skool;
deur skorsing; deur vrywillige uittrede; deur ver-
lof of afsterwe van 'n leerkrag.⁴⁾
2. Die skoolraadsekretaris moes die Departement van son
vakature in kennis stel so spoedig moontlik op 'n voor-
geskrewe vorm en indien moontlik drie maande voor 'n op-
volger verlang word.

-
1. (a) Onderwyswet 1907, Instrukties en Regulaties, Art. 106
(b) Goev. Ken. Nr. 1442, Art. 48 van 23 Desember 1909.
 2. Studiebeurse vir Hoër onderwys gessorteer vandag onder
die Departement van Unie-Onderwys.
 3. Onderwys Wet 1907, a.w., Art. 105.
 4. Onderwys Wet, 1907, Regulasie 138.

3. Sodanige vakatures word eenmaal per kwartaal en op sulke tye as dit nodig mag blyk, in die Staatskoerant sowel as in 'n Engelse en 'n Hollandse nuusblad gepubliseer; die skoolkommissie of -raad kon die vakature in nuusblaaie publiseer op voorwaarde dat die koste van sulke publikasies nie ten laste van die staat gelê word nie en dat geen voorwaarde van aanstelling wat nie in die Staatskoerant voorkom, in die nuusblaaie gepubliseer mog word nie.¹⁾
4. Alle kandidate vir 'n vakante pos moes hulle aansoeke aan die sekretaris van die betrokke skoolraad rig met kopieë van getuigskrifte en terselfdertyd moes hulle die Departement van hulle applikasies verwittig. Kandidate wat nog nie by die Departement geregistreer was nie, moes 'n opgawe van hulle roetine as onderwysers en sertifikate van bekwaamheid, benewens oorspronklike getuigskrifte en sertifikate aan die Departement stuur, alvorens hulle in aanmerking mag kom vir die benoeming in die vakante poste.²⁾
5. As onderwysers in vakante poste benoem moes word aan 'n skool of klas wat onder 'n skoolkommissie of beherende liggaam ressorteer, moes die betrokke liggame aanbevelings uit die lys van kandidate by die skoolraad doen.
6. Die skoolraad stip dan met betrekking tot 'n aanbeveling vir aanstelling onder art. 78 van die wet op die voorgeskrewe vorm die volgende aan: 'n volledige lys van applikante; die volle naam en adres van die aanbevole applikante en indien meer as een kandidaat aanbeveel is, geskied die aanbeveling in volgorde van voorkeur; die eventuele aanbeveling van die kommissie of van die beherende liggaam moet dit vergesel.³⁾

1. Onderwys Wet, 1907, Regulasies 39-41.
2. Ibid., Regulasies, 142.
3. Ibid., Regulasies, 143-144.

7. Indien die Direkteur nie bereid is om n applikant aan te stel wat deur die skoolraad aanbeveel is nie, sal die vorm vir n heraanbeveling teruggestuur word. Indien die skoolraad met hulle eerste aanbeveling volstaan, of as die Direkteur ook nie die heraanbeveling kan aanneem nie, word die saak na die Raad van Onderwys ooreenkomstig art. 8(d) van die wet verwys. Die Raad van Onderwys doen dan n aanbeveling aan die Minister van Onderwys by wie die finale beslissing berus.¹⁾
8. Onmiddellik na die diensaanvaarding van n onderwyser moet die skoolraadsekretaris die Departement onverwyld in kennis stel sodat daar geen vertraging mog plaasvind in die uitbetaling van die onderwyser se salaris nie. Met so n eerste aanstelling sou die Departement die onkoste aan die reise verbonde, vergoed.²⁾

(xii) Indeling van Skole.

Die laer- en middelbare skole is volgens die volgende tabel ingedeel:³⁾

Openbare Skole opgerig onder arts. 16 en 23 van die wet.

A. Hoërskole.	B. Alle ander skole.			
Klasse Skole:	I	II	III	IV
Aantal Leerlinge:	400 en meer	300-400	100-300	
Klasse Skole:	IV.A	IV.B.	IV.C.	IV.D.
Aantal Leerlinge:	70-100	40-69	30-39	Onder 30

Die indeling van skole op 1 Julie 1907 was soos volg:⁴⁾

Hoërskole.	Alle ander Skole.			
	Klas I.	Klas II.	Klas III.	Klas IV.
Getal - 7.	17	22	39	Alle ander skole.

1. Onderwys Wet, 1907, Regulasies 145.
2. Ibid., Regulasie 149.
3. Onderwys Wet, 1907, Regulasie 121.
4. Ibid., Regulasie 122.

As algemene reël het gegeld dat n skool nie tot n hoër rang bevorder kan word nie tensy die vereiste aantal leerlinge die skool vir ten minste twee jaar besoek het.¹⁾

Onderwysskaal:

Ten einde die personeel te bepaal, is skole met 100 of meer leerlinge in drie afdelings soos volg verdeel: Die laer afdeling, waaronder alle leerlinge benede standerd II val; die middel afdeling, wat standerd II-IV insluit; die hoër afdeling wat standerd V en hoër insluit.²⁾

Die getalsterkte van die personeel van n skool sou volgens die volgende skaal vasgestel word:³⁾

Die eerste assistent kan aangestel word aan n klas IV-skool as die aantal leerlinge 35 is, n tweede assistent as die kwota 70 is en n derde as die getal leerlinge 100 is.⁴⁾

(xiii) Die Diensvoorwaardes van die Gevestigde Onderwyspersoneel.

Verpligtinge van die Onderwyser teenoor die Departement van Onderwys.

Na n bevredigende voltooiing van n proeftyd van ses maande kon onderwysers, wat n voorlopige sertifikaat van die Departement besit, aansoek doen om op die vaste personeel geplaas te word; son aansoek moes van n mediese sertifikaat vergesel wees. Die Direkteur kon eis dat son applikant deur n benoemde goewermentsamptenaar geëksamineer word. As son applikant afgekeur word, of as sy diens onbevredigend blyk te wees, kon die Direkteur n verdere proeftyd bepaal.⁵⁾

In 1909 is verder bygevoeg dat as son applikant suksesvol was, die tydelike dienstydpark as deel van die vyf jaar voltooide diens bygereken sou word soos dit in regulasie 24 van die diensvoorwaardes omskrywe is; dit sou

-
1. Onderwys Wet, 1907, Regulasies 124.
 2. Ibid., Regulasies, 128.
 3. Ibid., Regulasie 131.
 4. Ibid., Regulasie 134.
 5. (a) Onderwyswet 1907, Regulasie 155;
(b) Goev. Ken. Nr. 1441 van 1909.

ook bygereken word vir gratifikasie of voordele wat uit die publieke diens- en pensioenwet voortgespruit het vanaf die eerste dag van die maand waarop die onderwyser sy proefdiens begin het of die eerste dag van die volgende maand, met dien verstande dat in geval van 'n onderwyser wat sy proefdiens na 1 Julie 1910 begin het, nie meer as een jaar van son proefdiens sou geld as diens by die gereelde onderwyspersoneel nie.¹⁾

Onderwysers wat op die vaste personeel geplaas is, moes 'n geskrewe dienskontrak met die Departement aangaan. Son kontrak kon deur die Departement onder die volgende omstandighede beëindig word: indien die onderwyser nie sy pligte nakom nie; ingeval van 'n provisioneel-gesertifiseerde onderwyser wat op die lys van die vaste onderwyspersoneel geplaas is, voor hierdie regulasies van krag geword het, nie daarin kon slaag om 'n voorlopige sertifikaat in besit te kry nie; op of na die datum waarop die onderwyser die 55ste jaar bereik het, met dien verstande dat niks die Departement kon belet om hom tot die 65ste jaar aan te hou nie; ingeval 'n onderwyser liggaamlik of geestelik onbekwaam geword het;²⁾ ingeval 'n beskuldiging van onsedelikheid of meermale voorkomende dronkenskap ooreenkomstig art. 80 van die wet skriftelik ingebring en deur 'n inspekteur of twee ander persone bewys is, kon die skoolraad, die skoolkommissie of beherende liggaam onmiddellik son onderwyser skors en die saak aan die Direkteur rapporteer. Na die ontvangs van son beskuldiging kon die Direkteur óf die onderwyser beveel om sy werk te hervat gedurende verdere ondersoek, óf die skorsing bevestig. In beide gevalle sou die Direkteur aan die onderwyser 'n kopie van die aanklag vir kommentaar stuur. Na ontvangs van die antwoord van die onderwyser en na verdere ondersoek sou die Direkteur óf die onder-

1. Goevernements Kennisgeving Nr. 1441 van 1909, Regulasie 2.
2. Onderwys Wet, 1907, Regulasie 177.

wyser weer herstel, óf die saak aan die Minister rapporteer en n aanbeveling maak om die onderwyser te ontslaan, sy salaris te verminder of hom te degradeer;¹⁾ ingeval die onbekwaamheid van n onderwyser uit die getuienis van n inspekteur van onderwys in n negatiewe rapport bewys is, kon die Direkteur besluit of die skoolraad kon aanbeveel dat die onderwyser ontslaan word, dat sy salaris verminder word of dat hy degradeer word.

Indien die skoolraad beswaar teen son beslissing van die Direkteur mog aanteken, sou die saak na die Raad van Onderwys verwys word ooreenkomstig art. 8(d) van die wet. Daarop sou die Onderwysraad n aanbeveling doen by die Minister by wie die finale beslissing in sulke gevalle berus. As die Skoolraad egter geen beswaar^{aan-}teken nie, sou die onderwyser n afskrif van die inspekteursrapport ontvang tesaam met n kennisgewing dat binne drie maande n tweede rapport gevorder sou word. Sodra die tweede inspeksie die eerste bevestig het, sou ontslag of salarisvermindering of degradering intree.²⁾

In 1909 is ook bygevoeg dat behalwe in die geval van wangedrag die beëindiging van n kontrak alleen kon plaasvind aan die einde van die kwartaal, en op een kwartaal se kennisgewing wat eers aan die einde van die volgende kwartaal van krag sou wees.³⁾

n Onderwyser sou enige pos aanneem wat hom te eniger tyd aangebied word binne die terme van sy kontrak namate die behoefte van die diens, met dien verstande dat hy, behalwe soos dit in die regulasies bepaal is, nie teen sy wil verplaas mog word na n pos van n laer graad as die wat hy op daardie tydstip bekleed nie of van n permanente na n tydelike pos; n onderwyser sou geen ander beroep uitoefen

-
1. Onderwys Wet 1907, Regulasie 159, en Goev. Ken. Nr. 1442 van 1909, Regulasie 4.
 2. Onderwys Wet 1907, Regulasie 159.
 3. Goevernements Kennisgevind Nr. 1442, Regulasie 4.

wat skadelik sou wees in die uitvoering van sy pligte of nadelig is vir sy goeie naam en nuttigheid as onderwyser nie. Hy mog ook geen ander verdienste buite sy skoolplig aanneem sonder die goedkeuring van die Direkteur nie.

Geen onderwyser mog hom vir die parlement of munisipaliteit verkiesbaar stel nie. Hy mog hom ook nie aktief met enige politieke party of beweging inmeng nie. Dit is egter nie uitgesluit dat hy aan 'n politieke vereniging mog behoort nie; dit is van die onderwysers verwag dat hulle alle geleenthede vir privaat studie te baat sou neem om hulle onderwyskwalifikasies te verbeter deur onderwysers-klasse en vakansiekursusse te volg wat deur die departement ingestel is.¹⁾

Die laaste en wel die betekenisvolste plig wat die onderwyser in sy beroep raak, is soos volg beskryf:

"De verantwoordlikheid van den onderwyser is niet beperkt tot het uitoefenen van zyn werk binnen de school en in de schooluren. Zoowel van't hoofd als van de assistenten wordt verwacht dat ze billykheidshalve bekend zyn met de huiselyke omstandigheden van de aan hen toevertrouwde kinderen en ze kunnen verantwoordelyk gehouden worden voor nalatigheid in schoolbezoek, discipline, zindelykheid, gezondheid en zedelykheid dezer kinderen voor zoover althans deze nalatigheid had kunnen voorkomen worden door een meer nauwkeurige belangstelling hunnerzyds. Van hem kan verwacht worden een werkzaam aandeel te nemen, in verband met schoolbibliotheken, sports, uitgaan, kadettenkorpsen, enz."²⁾

Die Onderwyser wat sedert Februarie 1903 deurlopende diens gelewer het in skole wat gedurende die tydperk ooreenkomstig Ord. Nr. 7 van 1903 by die Departement geregistreer was en wat voor 31 Desember 1907 op die ranglys van onderwysers geplaas is, sou geregtig wees op deurlopende diens vir pensioendoeleindes en ander voorregte soos in die diensvoorwaardes omskryf.

-
1. Onderwys Wet 1907, Regulasies 167-172 en Goevernements Kennisgeving Nr. 1441 van 1909, Regulasies 8-11.
 2. Onderwyswet 1907, Regulasie 173 en Government Notice No. 1441 of 1909, Regulation Nr. 12A.

Verpligtinge van die Departement van Onderwys as Kontrakte-
rende Party.

Die Departement van Onderwys, as een van die kontrak-
houers, verbind hom gedurende die bestaan van die kontrak
om op of omtrent die laaste dag van elke maand salaris uit
te betaal teen die jaarlikse maatstaf van toepassing op die
graad van die pos gedurende die maand deur die onderwyser
beklee.

Die onderwyser sal ten minste een maand te vore in
kennis gestel word as daar 'n verplasing van een pos na 'n
ander op die spel is, tensy daar 'n degradering plaasvind
of tensy die skool waarin hy werkzaam is, gesluit word
weens mediese of ander onvermydelike redes.

By verlating van die diens sal die onderwyser sulke
gratifikasie of voordele ontvang as wat hy in die voorsien-
ingsfonds inbetaal het ooreenkomstig die „Publieke Dienst-
en Pensioen Wet van 1908“.

Daar sal aan die onderwyser verlof toegestaan word
waartoe hy geregtig is onder die regulasies vir verlof wat
van tyd tot tyd van krag sal wees en ook aan die vereistes
van die diens onderworpe.¹⁾

(xiv) Salarisskale:

In 1907 is die skole soos volg gegradeer:²⁾

Hoërskole.

		Aanvang- salaris.	Jaarlikse Verhoging.	Maksimum Salaris.		
<u>Hoofde:</u> Mans	:	£ 600	-	£25	-	£800
Vrouens.	:	£ 400	-	£20	-	£600.
<u>Assistente:</u> Mans	- Graad A:	£ 440	-	£20	-	£560.
"	" B:	£ 330	-	£15	-	£435.
"	" C:	£ 280	-	£10	-	£320.
Vrouens	- Graad A:	£ 330	-	£15	-	£435.
"	" B:	£ 230	-	£10	-	£300.
"	" C:	£ 200	-	£10	-	£240

1. Onderwys Wet 1907, Regulasies 175; Goev. Ken. Nr. 1441 van 1909, Regulasie 7.
2. Onderwys Wet 1907, Regulasie 176; Goevernements Kennis-
geving Nr. 759 van 1907.

Alle ander skole:

				<u>Aanvang-</u> <u>salaris.</u>	<u>Jaarlikse</u> <u>Verhoging.</u>	<u>Maksimum</u> <u>Salaris.</u>
Hoofde - Mans - Klas I Skole:				£440 -	£20 -	£560.
"	"	" II	" :	£385 -	£20 -	£485.
"	"	" III	" :	£330 -	£15 -	£390.
" -Vrouens	"	" II	" :	£330 -	£15 -	£390.
"	"	" III	" :	£230 -	£10 -	£300.

Hoofde: Klas IV en alle assistente:

Mans	-	Graad A		: £330 -	£10 -	-	£390.
"	"	" B		: £380 -	£10 -	-	£320.
"	"	" C		: £220 -	£10 -	-	£270.
"	"	" D		: £150 -	£10 -	-	£200.
-Vrouens-	"	" A		: £230 -	£10 -	-	£280.
"	"	" B		: £200 -	£10 -	-	£240.
"	"	" C		: £165 -	£ 7 -	-	£200.
"	"	" D		: £120 -	£ 6 -	-	£150.

Poste sonder graad is na omstandighede bepaal.

Gelisensieerde assistente en gelisensieerde onderwysers in Hollands in plaasskole het 'n beloning van £4 tot £7. 10/- per maand en 3 tot 5 sjielings per uur onderskeidelik ontvang.

Departementele instrukteurs en die personeel van normaalkolleges (hoofde en vise-hoofde van Pretoria Normaal uitgesluit) se salarisse is deur die Direkteur vasgestel.

Die aanvangsalaris van 'n onderwyser sou die minimum wees aan so 'n pos verbonde, en klimaatstoelae is vir ongeponde streke toegeken.¹⁾

In 1909 is die volgende byvoegings in verband met salarisse gemaak:

Jaarlikse verhogings sal geskied op die eerste dag van die kwartaal wat op die datum van benoeming volg en sulke verhogings sal geskied ter beyrediging van die Direkteur van die werk wat gelewer is.²⁾

Vergoeding aan waarnemende hoofde is die volgende: as 'n assistent as waarnemende hoof ageer, sou die maatstaf van salaris die minimum van die skaal van salaris wees wat aan die pos van die hoof verbonde is. As hy nie voldoende

1. Goevernements Kennisgeving Nr. 1441 van 1909, Regulasie 17.
2. Ibid., Regulasie 18.

gekwalfiseerd is om volgens die indeling gesalarieer te word nie, sou die Direkteur die skaal bepaal.

Geen ekstra vergoeding sou betaal word aan assistente wat as hoof sou ageer vir 'n tydperk minder as een skoolkwartaal nie; ook assistente in hoër- of laerskole wat in assistentsposte van hoër graad waarneem, sou geen vergoeding ontvang nie; dieselfde is die geval met assistente wat in klas IV-skole as hoofde sou ageer, tensy die Direkteur anders sou beslis.

Die regulasies het net betrekking op onderwysers wat reeds in diens is en nie op die wat met die eerste benoeming as waarnemende hoofde sou optree nie.¹⁾

(xv) Kwalifikasies van Onderwysers.

Die aantal poste in enige skool en die graad daaraan verbonde word deur die Direkteur bepaal. As 'n vakature in 'n skool ontstaan, sou die poste, indien nodig, opnuut deur die Direkteur ingedeel word.

Kandidate in Transvaalse skole werksaam sou voorkeur geniet bo kandidate met gelykstaande kwalifikasies van elders.²⁾

Die kwalifikasies wat as 'n vereiste by benoeming geld, is soos volg ingedeel:

Hoërskole:

Hoofde moet die volgende kwalifikasies besit:³⁾

'n Universiteitsgraad of ander bewyse van die vereiste akademiese kwalifikasies; 'n professionele diploma gelykstaande aan die Transvaalse Tweede Klas Onderwyserssertifikaat, of ander bewyse van die nodige kwalifikasies, asook agt jaar ervaring, waarvan ten minste die helfte aan middelbare skole moes wees.

-
1. Goev. Ken. No. 1441 van 1909, Regulasie 21.
 2. Goevernements Kennisgeving No. 1441 van 1909 - hierdie byvoegings is in 1909 gedoen.
 3. Onderwys Wet 1907, Regulasie 179.

Assistente:

	Graad A.	Graad B.	Graad C.
Universiteitsgraad	Universiteitsgraad	-	Universiteitsgraad.
Onderwyssertifikaat.	0.2.	Voldoende Normaalopleiding.	0.2.
Ervaring	4 jaar (ten minste 2 jaar aan middelbare skole.	3 jaar.	-

Voorbereidende Departemente van Hoërskole.

Dieselfde kwalifikasies word van hoofde en assistente van Klas III van laerskole onderskeidelik verwag.¹⁾

Laerskole:²⁾

Hoofde:

	P.I. Skole.	P.II-Skole.	P.III-skole.
Onderwyssersertifikaat.	0.2	0.2	0.2
Opleiding	Voldoende opleiding in normaal kollege.	do.	do.
Ervaring	8 jaar - 3 jaar in skole met meer as 100 leerlinge; 6 jaar ervaring B.A. van Kaap de Goede Hoop besit.	6 jaar en net 4 1/2 jaar die wat in besit B.A. Kaap de Goede Hoop of gelykwaardige graad is.	4 jaar en net 3 jaar in besit van B.A. graad - Kaap de Goede Hoop of gelykwaardige graad.

Assistente:³⁾

	Graad A.	Graad B.			Graad C.	Graad D
Onderwysersertifikaat.	0.2 Transvaal	0.2 Tvl.	0.3 Tvl.	0.2 of 0.3 Tvl. Plus Univ.graad.	0.3 van Tvl. of in uitsondering in die besit van n voorlopige sert. van Departement en volgens die Direkteur spesiale geskiktheid toon vir son pos.	0.3. Tvl.
Opleiding	Voldoende Opleiding in normaal kollege	skyn nie nodig nie.				

- (a) Onderwys Wet 1907, Regulasie 179;
 (b) Goevernements Kennisgeving No.1441 van 1909, Regulasie 16.

² Onderwys Wet 1907. Regulasie 179.

(xvi) Verlof.

Langverlof.

Aan elke onderwyser wat op die vaste personeel van die Departement van Onderwys is, kan na elke vyf jaar verlof vir een of twee skoolkwartale verleen word teen half salaris, onderworpe aan die volgende voorwaardes: aanvrae om verlof moet die Departement minstens drie maande bereik voor die datum waarop die verlof moet begin. Sodanige verlof sal alleen in aanvang neem vanaf die begin van n skoolkwartaal.

In besondere gevalle kon verlof verleng word sodat dit oor nie meer as vier skoolkwartale strek nie, maar met die duidelike verstandhouding dat na die eerste twee kwartale verlof sonder salaris geldig sal wees.¹⁾

Siekteverlof.

Na n onafgebroke dienstydperk van drie jaar vanaf die eerste benoeming kan siekteverlof aan n onderwyser toegestaan word vir n tydperk wat, behalwe onder die omstandighede wat in die volgende regulasies bepaal is, nie ses maande te bowe sou gaan nie, waarvan die eerste drie maande met vol en die laaste drie met half salaris sal wees. Son aanvraag om verlof moet van n mediese sertifikaat vergesel word. Enige aansoek om sodanige verlof kan onderhewig wees aan die eis van die Direkteur dat die aanvrager deur n mediese amptenaar ondersoek moes word.²⁾

Siekteverlof aan n gehuude onderwyseres weens bevaling verleen, moes sonder salaris geneem word vir n tydperk van nie minder as drie maande voor en nie minder as ses weke na die bevalling nie. Kennisgewing van die aanvraag om son verlof moes n maand tevore geskied.³⁾

As n onderwyser aan wie ses maande siekteverlof toege-

-
1. (a) Onderwys Wet, 1907, Regulasie 177 (1)(5);
(b) Goewernements Kennisgeving Nr. 1441 van 1909, Regulasies 24-25.
 2. Onderwys Wet 1907, Regulasie 177(6)(a) en (b).
 3. Ibid., Regulasie 177 (6)(c).

staan is, na die mening van sy mediese raadgewer nie in 'n geskikte gesondheidstoestand verkeer om sy werksaamhede te hervat na afloop van die verlof nie, moet hy deur 'n mediese raad ondersoek word. Indien na die mening van die Raad daar 'n gunstige vooruitsig is dat hy weer tot die diens sal kan toetree, dan die Direkteur 'n verdere verlenging van verlof toestaan sonder salaris vir 'n tydperk van ses maande nie te bowe gaande nie. Geen verlof vir meer as 'n jaar sal verleen word sonder verwysing na die Minister nie. As die Raad van mening is dat sonder onderwyser na die verlof nog nie herstel sal wees nie, sal die verbintenis van die onderwyser ophou vanaf datum van die einde van die verloftyd.¹⁾

As die Direkteur sou twyfel aan die moontlikheid dat 'n onderwyser, wat aan herhaalde siekteaanvalle onderhewig is, tog nog behoorlike dienste kan lewer, kan die Direkteur eis dat sonder onderwyser hom aan 'n ondersoek van die Mediese Raad onderwerp, selfs al het hy nog nie die tydperk van verlof oorskry nie waarop hy geregtig is.²⁾

In 1909 is die volgende bygevoeg: as vir meer as een maand siekteverlof of langverlof toegestaan is, moet die onderwyser op die laaste dag van elke maand bewys aan die Departement lewer dat hy nog in lewe is.³⁾

Verlof vir Private Sake en ander Gevalle.

Verlof vir dringende private sake kan deur die Direkteur verleen word op sulke voorwaardes van betaling soos deur hom beslis. Geen salaris sal ontvang word vir 'n tydperk meer as veertien dae nie.⁴⁾

In geval van onmiddellike dringende verlof vir private sake kon die Inspekteur van Onderwys of 'n ander gemagtigde persoon verlof vir 'n tydperk van nie meer as drie dae nie

-
1. Onderwys Wet 1907, Regulasie 177(7); Goevernements Kennisgeving Nr. 1441 van 1907, Regulasie 28.
 2. Onderwys Wet, 1907, Regulasie 177(9).
 3. Onderwyswetten 1907, 1908, 1909, 137.
 4. Onderwys Wet, 1907, Regulasie 177(10); Goevernements Kennisgeving Nr. 1441 van 1909, Regulasie 32.

toestaan. Die voorwaarde van betaling sal deur die Direkteur bepaal word.¹⁾

Aanvrae om verlof of verlenging daarvan moet op die voorgeskrewe vorm geskied. Alle siekteverlof vir drie dae en meer moet van 'n mediese sertifikaat vergesel wees. Ingeval van dringende verlof vir private sake moet 'n vertroulike brief die verlofvorms aan die Direkteur vergesel waarin die omstandighede tot sodanige verlof uiteengesit moet word.²⁾

In 1909 is bykomstige regulasies vir verlof by die wet gevoeg. Verpligte verlof weens die uitbreek van besmetlike of aansteeklike siekte in die gesin van die onderwyser of in die huis waar hy inwoon, mag as besondere verlof met salaris beskou word. Die soort verlof sal nie sy langverlof beïnvloed nie.³⁾

Verlof aan Tydelike Onderwysers.

Aan tydelike onderwysers kan alleen siekteverlof vir hoogstens een maand met half salaris gegee word, maar geen langverlof nie. Alle verdere siekteverlof moet sonder salaris geneem word.⁴⁾

Eksamenverlof.

Om eksamen te skryf, kan aan onderwysers verlof met vol salaris onder die volgende voorwaardes toegestaan word: die verlof sal net die dae insluit waarop die eksamen plaasvind in die vakke waarin die onderwyser eksamen aflê, neem; asook die tyd wat nodig is om die eksamensentrum te bereik en terug te keer; by die aanvraag om verlof moet die eksamenrooster ingestuur word met 'n duidelike aanmerking van die vakke waarin eksamen afgelê word.⁵⁾

6

1. Onderwys Wet, 1907, Regulasie 177(11); Goev. Ken. Nr. 1441 van 1909, Regulasie 33.
2. Onderwys Wet 1907, Regulasie 177(12).
3. Goev. Ken. Nr. 1441 van 1909, Regulasie 34.
4. Onderwyswetten 1907, 1908, 1909, 136.
5. Ibid.

(xvii) Pensioene.

Onderwysers wat op of voor 31 Maart 1908 op die vaste personeel van die Onderwysdepartement was, sou, wanneer hulle na onafgebroke diens van ten minste drie jaar die diens verlaat, geregtig wees op 'n pensioen gelykstaande aan een maand se salaris vir elke jaar of gedeelte daarvan van hulle dienstrydperk. Onderwysers wat na 31 Maart 1908 op die vaste personeel geplaas is, sou eers na vyf jaar onafgebroke diens geregtig op pensioen wees.

Son pensioen sou bereken word volgens die gemiddelde oor die laaste drie jaar.

Die diensjare vir pensioendoeleindes sou bereken word vanaf die datum van vaste benoeming. Die tydperk waarin verlof sonder salaris geneem is, sou nie vir diensreg op pensioen gereken word nie.

Geen pensioen sou toegeken word as die onderwyser die diens verlaat op 'n wyse wat in stryd is met die kontrakvoorwaardes nie. As die Direkteur oortuig is van die grondige redes vir verbreking van die kontrak deur die onderwyser, sou hy gemagtig wees om met toestemming van die Minister son pensioen uit te keer asof die kontrak op die gewone wyse afgeloop het.¹⁾

(xviii) Opleiding van Onderwysers.

Volgens art. 26(1) van die onderwys kon inrigtinge vir die opleiding van onderwysers opgerig en onderhou word. Die opleiding van blanke onderwysers sou in die normaalkollege op Pretoria geskied.

Son opleiding aan die normaalkollege sou onder die volgende voorwaardes geskied: die opleiding sou gratis wees, maar die studie sou een, twee of drie jaar duur na gelang van die kursus wat gevolg word. Vir toelating tot die normaalkollege is matrikulasie vereis en aan sulke studente

1. Onderwys Wet, 1907, Regulasie 178.

sou geleentheid gegee word om n universiteitskursus gratis te volg. Die opleiding het n praktiese leerskool van ten minste twee jaar ingesluit.¹⁾

Vir diensdoende onderwysers sou van tyd tot tyd vakansiekursusse gereël word om hulle kwalifikasies te verbeter.²⁾

Kleurling-onderwysers sou in opleidingskole van Sendinggenootskappe opgelei word wat deur die Goewerment gesubsidieer is. Die opleidingskursus sou drie jaar wees wat gelykstaan met die derde standerd van die Kleurling onderwysskool.

n Beperkte aantal beurse tot n bedrag van hoogstens £10 per jaar is toegeken. Die beurshouer staan dan onder die verpligting om dieselfde tydperk van diens te lewer in kleurlingskole wat deur die Goewerment gesubsidieer word of die terugbetaling van sodanige gedeelte van n beurs waarvoor geen diens gelewer is nie.³⁾

Vakansiekursusse vir die opleiding van Kleurlingonderwysers word van tyd tot tyd gehou waarin gratis onderwys in die aanvangsklasse gegee word, boeke en ander hulpmiddels verskaf word, en n klein toelaag om koste te bestry, toegeken word.⁴⁾

(xix) Geldelike Bepalings.

Die regulasies wat gevolg word met betrekking tot die besteding van gelde toegestaan aan die skoolrade uit die algemene staatsinkomste en die wyse waarop rekening en verantwoording van sulke gelde gegee word ooreenkomstig artikels 8(e) en 90(1)(k) van die onderwyswet, is neergelê in artikels 185 tot 203 van die instruksies.⁵⁾

Algemeen.

Ooreenkomstig artikel 62 van die onderwyswet sou gelde aan skoolrade toegewys word ten einde uitgawes in die

-
1. Onderwys Wet 1907, Regulasie. 180.
 2. Ibid., Regulasie 181.
 3. Ibid., Regulasie 182.
 4. Ibid., Regulasie, 183.
 5. Ibid., Regulasie, 184.

verskillende distrikte te bestry ten behoeve van herstelling of verandering aan skoolgeboue of bybehorende eiendomme, skoolmeubels en uitrusting, beurse, skoolskoonmaak en in die voorsiening van ander behoeftes wat van tyd tot tyd¹⁾ sou voorkom.

Elke skoolraad sou jaarliks oor elk van die bogenoemde items 'n begroting by die Departement indien. Daarop sou die Parlement vir bogemelde doeleindes gelde aan die Rade toestaan in sodanige verhouding as wat die Minister op aanbeveling van die Onderwysraad sou beslis. Die toegewese bedrag mog nie oorskrei of vir ander as die vasgestelde doeleindes aangewend word nie.²⁾

Behoorlike boekhouding moes nagehou word en die instruksies vir die boekhouding moes behoorlik nagekom word. Instruksies in verband met ontvangsbewyse, tjeks, kasboek, kleiner uitgawes, grootboek, rekenings en ouditering is deeglik uiteengesit.³⁾

(xx) Korrespondensie.

In verband met korrespondensie van skoolrade en -kommissies is duidelike reëls opgestel. Alle briewe moes 'n onderskeidingsnommer dra en die nommer moes op alle briewe wat oor dieselfde onderwerp handel, aangebring word. So 'n korrespondensie moes met ink of in 'n getikte vorm op folio wees. Elke brief moes net oor een saak handel en alle briewe moes aan die sekretaris van die Onderwysdepartement gerig word.⁴⁾

In 1909 is ook vir telefoondiens voorskrifte uitgereik: vir verlof of persoonlike belang mog die telegraaf nie gebruik word nie tensy die antwoord betaal word; as 'n telefoniese antwoord op die telegrafiese berig ontvang moes word, moes die koste vooruit betaal word; telegramme moes

-
1. Onderwys Wet, 1907, Regulasie 185.
 2. Ibid., Regulasies 186-189.
 3. Ibid., Regulasies 190-203.
 4. Ibid., Regulasie 204.

so kort moontlik gestel word; beamptes wat n telegram gestuur het waar dit per brief gedoen kon word, sou verplig word om die koste van die onnodige telegram geheel of gedeeltelik te betaal.¹⁾

Alle skryfbehoeftes vir sekretariële werk van skoolrade sou deur die Departement verstrekk word. Vir die eerste keer sou dit aangestuur word en daarna sou dit per rekwisisie geskied.²⁾

(xxi) Beherende Liggame.

Die instruksies aan skoolrade en die sekretaris se daarvan sou ook mutatis mutandis vir die beherende liggame van hoërskole geld. Die sekretaris se van sulke liggame sou ook dieselfde instruksies volg, tensy sulke instruksies betrekking het op sake wat skoolrade nie raak nie.³⁾

(xxii) Verslae en State.

Die volgende is n lys van state wat deur die sekretaris se van die skoolrade op gereelde tye aan die hoofkantoor gestuur moes word:⁴⁾

Kwartaalstate: n Opgawe van die aantal leerlinge, die skoolbesoek en besonderhede omtrent die personeel van elke skool met die koste van onderwys daaraan verbonde, moes aan die einde van elke kwartaal na die Departement gestuur word. Gelyktydig moes n lys van vakatures aan skole deurgestuur word.

(xxiii) Jaarstaat.

n Begroting van wat vir die distrik nodig sou wees ten behoeve van skole vir 100 of meer leerlinge of vir ambagsskole en skole vir hande-arbeid of huishoudkunde, moes aan die einde van elke finansiële jaar ingestuur word. n Ander begroting van wat vir die distrik nodig sou wees ten behoeve van skole met minder as 100 leerlinge, herstelling, ver-

1. Onderwyswetten 1907, 1908 en 1909, Art. 39.
2. Onderwys Wet, 1907, Regulasie 205.
3. Ibid., Regulasie 206.
4. Ibid., Regulasie 207.

andering en vergroting van skole, meubels, beurse vir buiteskole, skoonmaak van skole, reinigingsdienste en onvoorsiene uitgawes moes apart ingestuur word.

Laastelik moes 'n finansiële verslag volgens artikel 65 van die onderwyswet soos dit vervat is in die kwartaalstate van rekening en verantwoording van die vierde kwartaal ook ingestuur word.¹⁾

(b) Regulasies in verband met die Onderwys.

(i) Skoolraadverkiesings.

Nie minder as 39 artikels, regulasies en skedules is aan stemopnemende beamptes in verband met die verkiesing van skoolrade opgedra nie.²⁾

In die regulasies is „kiesafdeling“, „skooldistrik“, en „register van stemmers“ volgens artikel 2 van die onderwyswet omskryf.³⁾

'n Stemopnemer sou deur die Minister vir elke skooldistrik benoem word aan wie duidelike instruksies gegee sou word oor die aantal lede wat verkies moes word; die datum, uur en plek van openbare vergadering vir nominasies van kandidate, asook hoe genomineer moes word, per pos of op die vergadering. As meer as die vereiste aantal lede genomineer is, moes die stemopnemer op die nominasiedag die verkiesingsdag, (wat nie minder as 'n maand later moes val nie) mondeling aankondig, en dit in een of meer nuusblaaie laat publiseer.⁴⁾

Duidelike instruksies is ook aan die stemopnemer gegee insake die prosedure wat gevolg moes word by die stembus, die tel van die stemme, die bekendmaking van die stemme, en na die bekendmaking van die stemme, die merk van die stembriefies, oortredings wat met die stemming begaan is en

-
1. Onderwys Wet, 1907, Regulasie 207 (2) en (3).
 2. Goev. Ken. No. 1102 van 1907, Regulasies 1-39 en Skedules A - G.
 3. Ibid., Regulasie 1.
 4. Ibid., Regulasies 2 - 9.

ongeldige verklaring van die verkiesing.¹⁾

Die skedules uitgegee vir die verkiesing van skoolrade het die volgende omvat: die vorm van nominasie, hoe die vorm van die sertifikaat deur die genomineerde geteken moes word, die vorm van verklaring van gekose persone, die vorm van kennisgewing van die stembus, die vorm van stembrief, instruksies aan kiesers en die vorm van koeverte vir versending van stembriefies.²⁾

(ii) Skoolkommissieverkiesing.

Die verkiesing van skoolkommissies volgens art. 90(1) (j) van die onderwyswet is deur regulasies vasgelê.

Elke skoolraad sou so spoedig moontlik na 31 Maart 1908 in ooreenstemming met art. 67(1) van die wet die aantal lede van die kommissie van elke skool, waar n kommissie gekies moes word, vasstel volgens artikels 67 en 68 van die wet.³⁾

Elke Raad moes maatreëls tref vir die verkiesing van kommissies tussen 1 April en 30 Junie 1908, met dien verstande dat die uitslag van die verkiesing nie later as 30 Junie 1908 aan die sekretaris van die skoolraad gerapporteer moes word nie.⁴⁾

Sulke nominasies moes skriftelik ingedien en behoorlik geteken word deur twee persone wat geregtig is om lede vir n kommissie te kies volgens artikel 67(1) van die wet. Indien moontlik moes n geskrewe verklaring dat die genomineerde, as hy verkies word, bereid sou wees om as lid van die kommissie te dien, elke nominasie vergesel.⁵⁾

So gou moontlik nadat die kommissie gekonstitueer is, moes die verkiesingsbeampte wat deur die skoolraad aangestel is, die name van die lede aan die skoolraadsektaris stuur.

-
1. Goev. Ken. No. 1102 van 1907, Regulasies 15-39.
 2. Ibid., Skedules A - G.
 3. Ibid., No. 339 van 1908, Regulasie 1.
 4. Ibid., Regulasies 2 en 3.
 5. Ibid., Regulasie 5.

Op sy beurt moes die skoolraadsekretaris dan so spoedig moontlik na 30 Junie 1908 n volledige lys van die kommissielede wat onder die Raad ressorteer, by die Departement indien.¹⁾

(iii) Samestelling, Magte en Werksaamhede van die Beherende Liggame van Middelbare Skole.

Op Johannesburg.

Volgens artikel 90(m) van die onderwyswet definieer die volgende regulasies die konstitusie en magte van die beherende liggame van die middelbare skole op Johannesburg ooreenkomstig artikel 73(a) van die wet. Die regulasies het betrekking op die beherende liggaam van die Johannesburgse Hoër Seunskool, die Johannesburgse Kollege, die Johannesburgse Hoër Meisieskool (die Cleveland Hoërskool) en die Jeppe Hoërskool vir seuns en meisies.²⁾

Die Konstitusie.

Elke beherende liggaam sou uit nege lede bestaan: drie deur die ouers of voogde van die skoolgaande kinders verkies, drie genomineer deur die „Witwatersrand Council of Education" en drie deur die Goeverment.³⁾

Elke jaar sou een lid wat daur die ouers, deur die „Council of Education" en deur die Goewerment onderskeidelik benoem is, aftree, maar hulle sou weer benoembaar wees. Die aftreding in die tweede en derde jaar sou deur die lot beslis word en die jare daarna volgens rotasie.⁴⁾

Gedurende November elke jaar sou nominasies en verkiesings deur net een lid van die ouerpaar van elke huis plaasvind. Gekose lede sou dan die eersvolgende Januarie sitting neem.

As n vakature sou ontstaan anders as deur jaarlikse aftreding, sou n verkiesing deur die ouers plaasvind. In-

1. Goev. Ken., No. 339 van 1908, Regulasies 6-8.

2. Ibid., No. 562 van 1908, Artikel 1.

3. Ibid., Artikel 2.

4. Ibid., Artikels 3 en 4.

dien n vakature onder die genomineerde lede sou geskied, sou die „Council of Education" of die Goewerment n lid in die vakature benoem.¹⁾

Prosedure van Konstituering.

Die gewone wet sou gevolg word in verband met die verkiesing van n voorsitter, sekretaris, kworums, die opstelling van eie huishoudelike reglemente, beslissende stem, notules en skorsing deur afwesigheid van lede van vergaderings.²⁾

Betrekking op die Onderwyspersoneel.

Die indiensneming en die beëindiging van dienste van alle onderwysers aan hoërskole het by die Direkteur berus, maar hy sou saam met die beherende liggaam die aantal onderwysers in elke skool en die graad van poste vasstel. Die aanstelling van onderwysers sou deur die Direkteur, op aanbeveling van die beherende liggaam, gemaak word, maar as die Direkteur nie bevredig kon word nie, sou hy die liggaam versoek om herbenoemings te maak. Sulke benoemings sou in samewerking met die hoof geskied.³⁾

Hoofde van skole moes alle vergaderings van die beherende liggaam bywoon, maar sonder stem. Voorts sou die hoof die enigste kanaal van verbinding tussen die beherende liggaam en die assistente wees.⁴⁾

Funksies van die Beherende Liggaam.

Die funksies van die beherende liggaam sou van n adviserende hoedanigheid wees.

Die beherende liggaam kon by die Departement aanbevelings maak in verband met die algemene vooruitgang van die skool. Die Departement sou geen noemenswaardige verandering aanbring nie wat die algemene karakter van die skool raak soos bevoorbeeld uitbreiding, verskuiwing van die

-
1. Goev. Ken. No. 562 van 1908, Artikels 5 en 6.
 2. Ibid., Artikels 7-13.
 3. Ibid., Artikels 14-17.
 4. Ibid., Artikels 18 en 19.

skoolgeboue, verandering in skoolfondse of die skrapping daarvan, verhoging van toelatingsouderdom sonder dat die liggaam eers daaroor geraadpleeg is. Enige lid van die liggaam sou die reg hê om enige klas in die skool te besoek mits hy hom nie met die werksaamhede van die klas bemoei nie.¹⁾

Al hierdie bogenoemde regulasies was onderhewig aan verandering en byvoeging deur die Minister van Onderwys.²⁾

(iv) Regulasies in verband met die Beherende Liggame van die Pretoriase Hoërskool.

Die Koloniale Sekretaris het soos in die geval van die Johannesburgse hoërskool ooreenkomstig artikel 90(1)(m) van die onderwyswet regulasies opgestel vir die konstituering, magte en pligte van die beherende liggame van die Pretoriase beherende liggame oor die Hoër Seunskool en die Hoër Meisieskool.³⁾

Al verskil met die van die Johannesburgse beherende liggame was dat die Pretoriase liggame uit twaalf lede elk sou bestaan en die eerste liggame sou deur die Minister aangestel word. Vir alle verdere liggame sou agt lede deur die ouers van die skoolgaande kinders verkies word en vier deur die Minister.⁴⁾

Die ampstermyn van die Pretoriase lede sou tot 13 Junie 1913 strek en waar net een lid wat deur die ouers, die „Council of Education" en deur die Goewerment onderskeidelik gekies is, in Johannesburg aan die einde van elke jaar sou aftree, sou twee lede van die ouers en een lid van die Minister onderskeidelik in Pretoria aftree.

Die verdere aanstellings, benoemings, prosedure van konstituering, huishoudelike reglemente, beslissende stem van die voorsitter, notules en skorsing sou dieselfde as die van Johannesburg wees.⁵⁾

-
1. Goev. Ken. Nr. 562 van 1908, Art. 24.
 2. Ibid., Artikel 25.
 3. Goev. Ken. Nr. 406 van 1910, Artikel 1.
 4. Ibid., Artikel 2.
 5. Ibid., Artikels 3-14.

Die Pretoriase beherende liggame sou dieselfde magte en pligte besit en uitvoer as die skoolrade en -kommissies en hulle mog aanbevelings by die Departement doen oor die vooruitgang van die skool.¹⁾

Hulle finansiële reëlings en funksies in verband met skole het ooreenkoms met die van Johannesburg vertoon.²⁾

(c) Wysigings van die Onderwyswet Nr. 25 van 1907.

Die onderwyswet is twee maal geamendeer.

Wet Nr. 28 van 1908 het drie wysigings deur amendering daarin aangebring.

Die eerste wysiging was die van artikel 38(2) in verband met die bepaling van skooldistrikte.

Sub-artikel (2) is deurgehaal en die volgende woorde ingevoeg: of van n skooldistrik enige gedeelte daarvan wat dieselfde grense as n gekonstitueerde kiesafdeling het, te onttrek en die gedeelte by enige aangrensende distrik te voeg.³⁾

Die tweede wysiging deur amendering was n noukeurige vasstelling van die omstandighede waaronder n kommissie vir n openbare skool saamgestel mag word. Aan sub-artikel (1) van artikel 67 van die onderwyswet is die volgende bygevoeg: elke kommissie sou in diens bly vir n tydperk van drie jaar. n Persoon wat onder sub-artikel (1) van artikel 40 gekwalifiseerd is om lid van n skoolkommissie vir enige skooldistrik te word, sou geskik wees om as lid van enige skoolkommissie binne son distrik gekies te word; „mits dat een persoon niet gediskwalifiseerd zal zyn om lid te zyn van een schoolkommissie alleen omdat hy een vreemdeling is".⁴⁾

Na die weglating van sub-artikel (2) en die invoeging

-
1. Goev. Ken. Nr. 406 van 1910, Artikel 15.
 2. Ibid., Artikels 16-18.
 3. Wet Nr. 28 van 1908, Artikel 1.
 4. Ibid., Artikel 2.

van die nuwe sub-artikel (2) lui die artikel soos volg:
Indien n versoek deur nie minder as 50% van die ouers van skoolgaande kinders op die register van sodanige skool geteken word, waar daar geen kommissie bestaan nie, en aan die skoolraad gestuur word, sou son kommissie vir sodanige skool saamgestel word.¹⁾

Die derde wysiging van die onderwyswet is die bepaling van die voorwaardes van lidmaatskap van n kommissie. Wysigings is in artikels 68 en 69 van die wet aangebring. Van artikel 68 van die genoemde wet is die syfer (1) in reël 9 en ook sub-artikel (2) weggelaat. In artikel 69 is die gedeelte vanaf die woord „regulatie” geskrap.²⁾

Die tweede amendering van die onderwyswet het geskied deur wet nr. 3 van 1909.

Die eerste wysiging was van artikel 5 deur weglating van sub-artikel (b) en nuwe sub-artikel (b) in te voeg wat die Minister gemagtig het om koshuise en onderwyserswonings op te rig, te onderhou of te herstel. Onmiddellik na sub-artikel (d) van artikel 5 is ingevoeg dat skoolrade voorsiening sou maak vir die vervoer van kinders na die skole.³⁾

Artikel 9 van die wet is ook gewysig deur by te voeg dat enige lid van die Raad van Onderwys die reg sou hê om enige skool binne te gaan met dien verstande dat hy nie stoornis sou bring of die werk sou hinder nie.⁴⁾

Voorts is artikel 38 van die onderwyswet en artikel 1 van wet nr. 28 van 1908 so gewysig ten einde vir die skool-distrikte dieselfde grense daarop na te hou as vir die stem-distrikte.⁵⁾

Artikel 57 van die onderwyswet is so gewysig dat n skoolkommissie die Departement van advies kon dien met

-
1. Wet No. 28 van 1908, art. 2.
 2. Ibid., Artikel 3.
 3. Wet Nr. 3 van 1908, Artikels 1 en 2.
 4. Ibid., Artikel 3.
 5. Ibid., Artikel 5 en Wet Nr. 28 van 1908, Artikel 1.

betrekking tot die grense van die gebied waarbinne openbare skole opgerig behoort te word, ten einde voorsiening te maak vir die behoefte van die onderwys in die gebiede.¹⁾

Artikel 79 is weer so gewysig dat die tydperk vir tydelike benoemings van onderwysers verleng is.²⁾

In verband met die finansies is deur wet nr. 3 van 1909 voorsiening gemaak vir die benoeming van 'n amptenaar wat die beheer van die gelde van die onderwys sou behartig, en wel in die persoon van die Assistent Koloniale Sekretaris wat vanaf Julie 1909 sou fungeer.³⁾

Die laaste wysiging was die van artikel 90 van die onderwyswet en wel 'n byvoeging van sub-artikel (1) waar voorgeskryf word die verkiesing en magte van die voorsitter en vise-voorsitter van skoolkommissies, die opvulling van vakatures, kworums, notules, spesiale vergaderings, aanstelling van 'n sekretaris en tesourier, die algemene prosedure van vergaderings en die hoeveelheid vergaderings.⁴⁾

(d) Bepalinge en Leergange vir Laer en Middelbare Skole.

(i) Inleiding.

Na die onderwyswet van 1907 en die instruksies en regulasies in verband met die onderwys wat later uitgegee is, is daar ten slotte ook nuwe bepalinge vir laer en middelbare skole en afdelings vir blanke kinders benewens die voorgeskrewe leerplan in Junie 1909 uitgegee.

Tot dusver was die „Kode" wat deur F. Ware in 1903 uitgevaardig is en waarvan in 1906 'n herdruk verskyn het, nog steeds in gebruik, en wel as „Provisional Code of Regulations for elementary Schools with Schedules" van 1903.⁵⁾

Die verskyning van die nuwe „Kode" is deur Adamson,

-
1. Wet Nr. 3 van 1908, Artikel 7.
 2. Ibid., Artikel 9.
 3. (a) Wet Nr. 3 van 1909, Artikel 10;
(b) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 105.
 4. Ibid., Artikel 11.
 5. Coetzee: a.w., 105.

die Direkteur, beskou as „the most important event of the year," want dit was n omskepping van die hele opvoedkundige stelsel.¹⁾ Hierdie nuwe stelsel, as die alfa en die omega van die nuwe tydsbedeling beskou, moes so aanvullend wees vir die behoeftes van die volk dat dit duidelik is „that everything in the system is ultimately ancilliary to the content of the education which the schools are to give".²⁾

Die nuwe skoolbepalings is stelselmatig en noukeurig deur die onderwysraad in oorleg met ander onderwyskommissies saamgestel en aan die Minister vir goedkeuring voorgelê.³⁾

(ii) Die Bepalings.

Die Direkteur van Onderwys het enkele belangrike opmerkings ter inleiding van die bepalinge aangehaal.

Laer Onderwys.

Eerstens is op die gemeenskaplike karakter van alle leerplanne vir laerskole gewys wat as n belangrike dokument beskou moes word en wat in werklike verband met die toekomstige welvaart van die staat moes staan. Die leerplanne moes voorsiening maak vir die opleiding in sekere werktuiglike kunste en toesien dat elkeen leer lees, skryf en reken. Dit was selfs noodsaaklik dat elkeen moes leer waarneem en vergelyk. Die sins- en verstandvermoë moes so ontwikkel word om te kan onderskei en gevolgtrekkings te maak uit die omgewing.⁴⁾

Derhalwe behoort die leergang verder voorsiening te maak vir kennis van die wêreld en mense, kennis van die natuur, aardrykskunde en geskiedenis, asook vir die onder- rig in die eenvoudigste gesondheidsbegrippe en liggaamsontwikkeling deur middel van handarbeid, met inbegrip van tekene, naaldwerk en algemene gimnastiek oefening.⁵⁾

-
1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl., 1908-9, 28.
 2. Transvaalse Onderwysverslag, 1908-9; 28.
 3. Ibid., ...29.
 4. Bepalings en Leergangen van Lagere en Middelbare Skole, 1909, 1.
 5. Ibid., 2.

Die Transvaalse leerplan sluit in die twee tale Engels en Hollands; geskiedenis; praktiese onderwys; op die platteland veral skooltuine, op die dorpe veral die beginsel van die natuurkunde, handwerk vir seuns en naalêwerk en kookkuns vir dogters, (die onderwys hierin moes 'n plaaslike karakter dra en soveel moontlik prakties wees); 'n afdeling vir landelike opvoeding wat afhanklik sal wees van 'n aparte afdeling van die Departement. 'n Regeringsplantkundige sal rondgaan en vakansiekursusse vir onderwysers reël vir sulke landelike opvoeding.¹⁾

Daar is groot verandering aangebring in die toelatingsouderdom van leerlinge. Voor 1909 was die toelatingsouderdom vier jaar, terwyl in alle stedelike en sekere plattelandse skole geen kind onder vyf jaar toegelaat is nie. Voortaan sou die toelatingsouderdom ses wees. Nog 'n belangrike verbetering betreffende toelating is dat leerlinge alleen die eerste week van elke kwartaal toegelaat word.²⁾

'n Einddiploma vir die laerskole sou ingestel word vir diegene wat met goeie gevolg die sesde of sewende standaard deurloop het. Voorsiening is ewe eens gemaak vir die uitreiking van 'n bewys vir vrystelling van verpligte skoolbesoek na die eis van die wet.³⁾

Wysiginge in die leerplan is aangebring ter tegemoetkoming van buiteskole deur die aantal leervakke te beperk en waar nodig en wenslik die vereiste in die verskillende vakke te vereenvoudig. Voorts is bepaal dat geen leerling bo standaard IV in 'n eenmanskool aangehou mag word nie. Volgens die Direkteur is die enigste ware oplossing van die probleem om eenmanskole te sentraliseer en gevolglik die afskaffing van sulke skole.⁴⁾

Gebreke van die Laer onderwys.

Die Direkteur het die aandag op twee gebreke in die

-
1. Bepalingen en Leergangen, 1909, 2-6 en 16-18.
 2. Ibid., 7.
 3. Ibid., 7-8.
 4. Ibid., 8.

laer onderwys gevestig. Die eerste fout het daarin gelê dat laer onderwys nie beskou is as voorbereidend en inleidend tot verdere onderwys nie. Omdat slegs 'n klein persentasie van die leerlinge na die middelbare skole en die universiteit sou deurgaan, moes die onderwyser nie reken dat dit sy plig is om die vakke in die laerskool te voltooi en af te rond nie. Deurgaans moes hy die denkbeeld van die onafgebroke voortsetting van die opvoeding sy hele lewe deur voor oë hou en sy leerlinge so besiel dat hulle die verlange moet hê om hulle verder vir die lewe te bekwaam. Die Direkteur het die heersende eksamenstelsel van die verlede gewyt aan beginselverkragting. Solank die resultate van die werk van die onderwyser getoets word aan die bekwaamheid van die leerlinge, solank sal die voorbereidende onderwys ly. Die inspekteur moes daarvoor sorg dat die skool die kweekplek vir toekomstige burgers word, en nie inrigtings waarin leerlinge afgerig word met die doel om eksamentoetse te kan aflê nie.¹⁾

'n Tweede gebrek is dat die laer onderwys nie genoegsaam vormend is nie. Die werktuiglike vakke soos spel, lees en skryf moes deur vormende vakke soos godsdiens, geskiedenis, aardrykskunde, letterkunde en natuurkennis aangevul word. Terwyl die werktuiglike vakke van standaard I tot VI afneem, moet die vormende vakke weer toeneem.²⁾

Middelbare Skole.

Baie van wat gesê is van die laerskole geld ook hier, naamlik dat dit meer vormend as formeel moes wees. Te veel tyd is aan grammatikale spitsvondighede gewy terwyl die onderwys meer prakties behoort te wees. Die aanvangsonderwys moes meer voorbereidend wees en nie die eindonderwys nie. Die onderwys moes die gees van ontwikkeling inadem vanaf die hoogste tot die laagste klas. Daar moes 'n gesonde aan-

1. Bepalings en Leergangen, 1909, 8-9.

2. Ibid., 9-10.

sluiting wees tussen die laer en die middelbare onderwys deur die leergange deurlopend te maak en die oorgang na standaard V omstreeks by die twaalfde lewensjaar te maak.¹⁾

Dit was noodsaaklik om n gedeeltelike ooreenstemming tussen die hoogste klasse van die laerskool en die laagste klasse van die middelbare skool te bewerkstellig. Die nuwe bepalinge sou die leergang n meer rekbare karakter gee. Die leergang is nie bloot voorbereidend, algemeen en geskik vir alle leerlinge nie, maar bepaald en definitief in verband met die toekomstige loopbaan van die leerlinge.²⁾

Die nuwe bepalinge het ook rekening gehou met n gewysigde vorm vir die opvoeding van meisies. In die verlede was Latyn, stel- en meetkunde feitlik verpligte matrikulasievakke. In die vervolg sou sodanige keuses gegee word dat meisies Frans of Duits in plaas van Latyn, en huishoudkunde en higiëne in plaas van wiskunde kon kies.³⁾

Ten laaste is ook nadere bepalinge gemaak in verband met die eindeksamens van die middelbare skole. Die hoërskooleksamen is deur die skoolsertifikaat na die vierde klas vervang. Aan die einde van die vyfde jaar kon n leerling deelneem aan die matrikulasie-eksamen of die nuwe senior sertifikaateksamen van die Kaapse Universiteit, wat die toelatingseksamen is tot die Transvaalse universiteit of die Derde Klas Onderwyserseksamen van die Transvaal.⁴⁾

Die Leergange van Middelbare Skole: Vir Seuns.

Wat die leergange van die verskillende vakke van die middelbare skool betref, is die leerplan soos volg ingedeel:⁵⁾

Verpligte Vakke:

Godsdien^ssonderwys, tale: Engels, Hollands en n derde moderne taal (Frans, Duits of Latyn), wiskunde, natuurwe-

-
1. Bepalingen en Leergangen, 11.
 2. Ibid., 12.
 3. Ibid., 14.
 4. Ibid., 14-15.
 5. Ibid., 80-81.

tenskap, geskiedenis, aardrykskunde, tekene en gimnastiek.

Nie-verpligte vakke:

1. Latyn. { Die toestemming van die Direkteur moes
Frans. { verkry word voordat n ander taal, be-
Duits. { halwe die verpligte, geneem kom word.
Grieks. {
2. Driehoeksmeting. { Leerlinge mag nie meer as een
n Afdeling van {
toegepaste wis- { van hierdie vakke in dieselfde
kunde. {
Handearbeid. { klas neem nie.
3. Sang.

Leergange vir Meisies.¹⁾

(i) Verpligte Vakke:

Dit sou dieselfde vakke wees as die vir seuns met die volgende uitsondering: wiskunde kon tot rekene beperk word; n kursus in kookkuns en higiëne kon algebra en meetkunde vervang; skilder kon saam met tekene geneem word; en dan naaldwerk en sang.

(ii) Nie-verpligte Vakke:

Algebra, meetkunde, tekene, kookkuns, kostuumvervaardiging. n Breedvoerige uiteensetting is gegee oor die opstel van eksamens, leerplanne, verslae en leergange van die afsonderlike vakke.²⁾

3. Die Vordering op Onderwysgebied 1907-1910.

1. Administratief.

(a) Die Hoofkantoor.

Volgens die onderwyswet van 1907 het by die Koloniale Sekretaris, die Minister van Onderwys, die hoogste gesag in die onderwys berus. Onder hom het die Direkteur van Onderwys met sy Departement gevolg. Die Direkteur van die nuwe bedeling was J.E. Adamson, en die sekretaris W.E.C. Clarke,³⁾ en H.S. Scott die eksaminator.⁴⁾

1. Bepalings en Leergangen, 81.

2. Ibid., 82-90.

3. Verslag van Direkteur van Onderwys, Tvl. 1908-'9, 6.

4. Ibid., 1907-'8, 16.

(b) Die Inspekteurskorps.

Gedurende die tydperk 1907-8 was daar dertien inspekteurs, vier waarvan as Hollandse inspekteurs benoem is.¹⁾ In die begin van 1910 is die hele inspektoraat gereorganiseer. Die Kolonie is in twaalf kringe ingedeel met vyftien inspekteurs. Die stelsel van 'n dubbele inspeksie, Hollands en Engels apart, is afgeskaf en alle inspekteurs behalwe die op die Rand sou al die werk self en alleen doen. Die inspeksie van die middelbare skole is deur die Direkteur self waargeneem gedurende 1908 en 1909, maar reeds in sy verslag van 1909-10 het hy die benoeming van 'n aparte persoon vir die werk aanbeveel.²⁾

(c) Die „Raad van Onderwys“.

Die instelling van die „Raad van Onderwys“ onder die nuwe onderwyswet was 'n verandering van die eerste rang. Die funksie van die Raad was om die Minister in alle beginselsake in die onderwys te adviseer en die besteding van geld te behartig. Op 25 September 1907 het die Raad diens tyd aanvaar. Dit het van die begin af waardevolle werk verrig. Vanaf sy aanstelling tot Junie 1910 is gereeld vergader en nie minder as 58 maal nie. Gedurende die drie jaar vanaf 1907 tot 1910 het die Raad sy pligte met nougesetheid vervul naamlik die opstelling van regulasies, die maak van die begrotings en toekenning van allokasies aan skoolrade en regsprake tussen die Direkteur en skoolrade.³⁾

Die Direkteur was oortuig van die waardevolle werk, die toegewydheid en ywer van die lede, dat hy sy waardering soos volg uitgespreek het: „I am of opinion that the establishment of the Council has been altogether in the interest of education. It has secured that the various questions of principle and practice which from time to time

1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl., 1908-'9, 17.
2. Ibid., 1909-10.
3. Ibid., 1907-'8, 8-10.

arise for decision have received a many-sided consideration".¹⁾

4. Plaaslike Liggame.

(a) Skoolrade.

Onder die ses-en-twintig skoolrade wat volgens die onderwyswet saamgestel is, was daar tien met nege en ses-tien met twaalf lede. Die lede was onervare en die sekretarisse was onbekend met die nodige roetine. Nieteenstaande die onsekerheid en moeilikhede met die werk was daar 'n ernstige begeerte om met die Departement te koöpereer om die onderwyssaak te bevorder.²⁾

Hierdie onsekerheid van die werk het aanleiding gegee tot die hou van skoolraadskonferensies. Die eerste konferensie het sitting gehad vanaf 30 September tot 2 Oktober 1908. Adamson, wat die openingsrede waargeneem het, het dit bestempel „as the first Education Parliament of the Transvaal”.³⁾

Die agenda was verteenwoordigend vir die verskillende sake „which boards had, declared themselves desirous of ventilating”. Die afgevaardigdes was entoesiasties oor onderwyssake; soms het die gevoelens hoog geloop as opvoedkundige vraagstukke rasse-aangeleenthede geraak het. Die mosies het die hele onderwysgebied gedek en byna almal is eenparig aangeneem.⁴⁾

Op die tweede konferensie van 24 tot 26 November 1909 is feitlik oor alle onderwysprobleme besluit. Onder andere het sake soos administratiewe ontwikkeling, wetsveranderinge, die basis van geldtoekennings, skoolraadverkiesings en taalkwessies ter tafel gekom.⁵⁾

1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl. 1907-'8, 9.

2. Ibid., 10.

3. Ibid., 1908-'9, 11.

4. Ibid., 71-12. en Aanhangsel I.

5. Ibid., 1909-10.

In die direkteursverslag van 1910 het hy n oorsig van die eerste skoolrade gegee. Die verskillende Rade en die Departement was voortdurend in geskille gewikkel en selfs die Rade en die skoolkommissies. Die algemene funksies van die Rade was: toesig hou en beheer uitoefen oor laerskole, geldelike toekennings en beheer oor kleinere kapitale werke, sentralisasie, oprigting en sluiting van skole, asook benoemings en aanbevelings van onderwysers.¹⁾

(b) Skoolkommissies.

Die Direkteur het nie veel van skoolkommissies gerepnie, hoewel hy in die jaarverslag van 1909-10 melding gemaak het van voortdurende verskille tussen die skoolrade en -kommissies ten opsigte van beurstoelae en benoeming van onderwysers.

5. Onderwysvraagstukke.

Vanaf die inwerkingtreding van die onderwyswet het algemene onderwysvraagstukke voortdurend die aandag geverg. Die vraagstuk van taal en godsdiens was reeds in die jare voor die totstandkoming van die Wet aktueel.

(a) Die Taalvraagstuk.

Die Direkteur het gemeen dat die skole baie kon bydra om die taalvraagstuk op te los: "the efficiency of the schools depends largely on the success with which the language difficulties can be overcome".²⁾

Hy het die skool beskou as behorende tot die volk, en die skole wat nasionale inrigtings was, buite die sfeer van partypolitiek.³⁾

"Nor is it a question of maintaining or promoting the use of this or that language. Our primary concern is the welfare and development of children - nor the welfare and

1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl., 1907-'8, 10-16.
2. Ibid., 26.
3. Ibid., Aanhangsel I.

development of any particular language."¹⁾

Volgens die algemene omsendbrief nr. 1 van 1908 sou daar drie groepe skole wees. Daar sou plaasskole met Hollands as voertaal tot standerd III wees. Geleidelik sou Engels in hierdie skole ingevoer word.²⁾ In die skole op die Rand en Pretoria sou Engels weer oorwegend die voertaal wees en geleidelik sou die vak Hollands ingevoer word, net soos in die skole met Hollands as voertaal.

Die derde groep skole was die op die dorpe met 'n gemengde bevolking, waar parallere klasse óf dubbelmedium-onderrig ingestel sou word.

Die regulasies voorgeskryf vir die geleidelike invoering van Engels was soos volg:³⁾

Substanderds $\frac{1}{2}$ uur per dag.

Standerd I 1 uur per dag.

Standerd II 2 ure per dag.

Standerd III helfte van die skooltyd.

In standerd IV en hoër moes alle vakke, behalwe Hollands self en enige ander twee vakke waaroor die skoolraad besluit het, deur medium Engels gegee word. Bybelse onder-
rig moes volgens artikel 34(2) van die onderwyswet in die voertaal van die leerlinge geskied.⁴⁾

(b) Godsdiensonderrig.

Die leergang in godsdiensonderrig is opgestel in die nouste samewerking tussen verteenwoordigers van die Anglikaanse, die Presbiteriaanse en die Ned. Geref. Kerk, terwyl ander kerkgroepe daaraan nie wou deelneem nie. Vir die genoemde groot groepe is die saak verder tot hulle bevrediging gereël deur die sorgvuldige aandag aan godsdiensonderwys op die normaalkolleges en deur die ondersoek daarvan op die openbare skole deur die inspekteurs van onderwys.⁵⁾

-
1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Transvaal, 1907-'8, Aanhangsel I, Regulasie 2.
 2. Ibid., Aanhangsel I, Regulasies 4-7.
 3. Ibid., Regulasies 9-11.
 4. Ibid., Regulasie 12.
 5. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 110.

(c) Verpligte Skoolbesoek.

Deurdat laer onderwys deur die onderwyswet tussen ses en veertien jaar verpligtend gemaak is, het die aantal leerlinge en skole geweldig toegeneem. Omdat die skoolrade skoolbesoekbeampies benoem het wat moes toesien dat skoolpligtige leerlinge die skole besoek, kon die wetsbepaling doeltreffend werk.

Die volgende tabel toon die toename van leerlinge aan nadat die wet vanaf 1907 in werking getree het.¹⁾

Jaar.	Blanke Leerlinge.	Toename.
1907	37,529	5,169.
1908	44,452	6,923.
1909	47,488	3,036.
1910	49,996	2,508.

(d) Konsentrasie van Onderwysfasiliteite.

Die uitgestrekte distrikte van Transvaal met sy yl bevolking het baie moeilikhede vir die onderwysvraagstuk opgelewer. Deur die geweldige toename van leerlinge vanaf 1907 het dit noodwendig gevolg dat daar ook gelyke tred met die toename van skole en onderwysers moes wees. Die toename van leerlinge en onderwysers het noodwendig ook 'n groter onderwysuitgawe meegebring. Die volgende tabel toon die uitbreiding van laer onderwys vanaf 1907 tot 1910 aan.²⁾

Jaar	Leerlinge	Skole	Onderwysers	Onderwys Uitgaaf	Uitgaaf per leerling
1907	37,529	702	1400	£496,490	£ 7.14.8
1908	44,452	843	1733	£590,233	£ 8. 8.6
1909	47,488	927	2044	£713,199	£12. 1.0
1910	49,996	905	2068	£887-547	£14. 4.3.

1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Transvaal, 1906-10.
2. Ibid., 1907-10 en Malherbe: Education in South Africa, 345-'6.

Die groot vraag wat ontstaan het, was of die skool na die kind of die kind na die skool gebring moes word. Dit was hier 'n saak van konsentrasie en sentralisasie. Konsentrasie was tot dusver die beleid van die Onderwysdepartement, die inspektoraat en die skoolrade. Die groei in die aantal skole is deur die betrokke liggame noukeurig dopgehou want „it may mean dissemination instead of concentration of educational forces".¹⁾

In Junie 1908 was van 466 plattelandse skole een 'n viermanskool, agt drieman-, 180 tweeman-, en 277 eenmans-²⁾ skole.

Uit 'n totaal van 537 skole was daar nie minder as 172 nie met 'n inskrywing van minder as 25 wat in gevaar verkeer het om gesluit te word volgens artikel 16(2) van die onderwyswet. Voorts was daar 198 skole met 'n inskrywing van tussen 26 en 35 leerlinge. Dit het die eenmanskole op 370 gebring, dit wil sê 70% van die plattelandse skole was eenmanskole, want met die uitsondering van twee was almal plattelandse skole.³⁾

Hierdie toestand van die skole is aan die dunbevolkte platteland toegeskryf. M. White het die eenmanskole soos volg getipeer: „One of the worst features of such a school, is that it tends to become worse instead of better".⁴⁾

Die Direkteur het die beleid van sentralisasie voorgestaan en dit bevorder waar die gelcenthede daarvoor gunstig was.⁵⁾

Die gevolg van die sentralisasie was dat reeds in 1910 groot plaasskole met 50 tot 100 leerlinge en koshuise vir die verafwonende leerlinge opgerig is. Meer as 3,500 uit 'n totaal van 18,400 leerlinge is deur vervoer of koshuise

-
1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Transvaal, 1908-'9, 4.
 2. Ibid., 1907-'8, 6.
 3. Ibid., 5.
 4. Verslag: Direkteur van Onderwys, Transvaal, 1907-8, en ook Inspekteursverslag van M. White, 1907-'8, 86.
 5. Verslag: Direkteur van Onderwys, Transvaal, 1908-'9, 5.

gesentraliseer.¹⁾

Die beleid van sentralisasie was egter nie net tot die platteland beperk nie. Op die dorpe en in die stede is met betrekking tot die hoogste klasse van die laerskole asook deur die voorsiening van hoërskole gesentraliseer.²⁾

(e) Uitbreiding van Middelbare Skole.

Dit was nie alleen laer onderwys nie maar ook hoër onderwys deur middel van middelbare skole wat die onderwysowerheid hoofbrekens besorg het.

In Junie 1908 het die Direkteur sy teleurstelling uitgespreek oor die stadige uitbreiding van die hoërskole in soverre dit leerlingtoename aangaan. Die hoërskole was tussen 1907-1910 soos volg verdeel:³⁾

Hoërskool	Leerlinge				Onderwysers			
	J a a r.				J a a r			
	1907	1908	1909	1910	1907	1908	1909	1910
Cleveland High	82	117	151	geen op-	11	11	12	Geen opga-
Eendracht-Pretoria	77	248	260	gawe af-	5	14	14	we van
Jeppestown	148	166	201	sonderlike skole	12	14	16	
Johannesburg College	181	194	263		11	14	15	
Pretoria College	103	93	150		9	10	9	
Potchefstroom College	99	99	117		6	6	7	
Girls' High Pretoria	112	116	150		10	11	12	
Totaal:	802	1033	1119	1416	64	80	85	98

Een groot oorsaak van die stadige groei was dat baie ouers lievers hulle kinders buite Transvaal vir middelbare onderwys gestuur het. Ander weer het hulle kinders na standaard III. (die toelatingseis vir die hoërskool) nog op die laerskool gehou omdat die onderwys daar nog vry was. Die

1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Transvaal, 1909-10.
2. Ibid., 1908-'9, 16.
3. Ibid., 1907-1910.

belangrikste oorsaak het geblyk te wees die onaantreklike hoërskoolgeboue, want hulle was swak toegerus en boweal was die voertaal nog Engels.¹⁾

Die hoër- en laerskole moes saamwerk in verband met leervakke en die middelbare onderwys moes dien vir karaktervorming, „developing habits, motives, and standards of conduct which will not only promote the future welfare, of their pupils, but will purify and strengthen the corporate life of the community in which these pupils must play an active part”.²⁾

Volgens die nuwe bepalinge vir middelbare skole sou hierdie skole self n vyfjarige kursus instel, beginnende by standerd VI en met matriek as seniorklas. Die ou instelling van vierde en vyfde standers sou geskrap word. Verder sou die leerplan wyer en rekbaarder wees as vroeër om n verskeidenheid van leervakke aan te bied.³⁾

Uit die rapporte van die Direkteur is dit duidelik dat die kursusse so ingestel moes word dat die leerlinge na die hoërskoolkursus n professionele, klassieke, wetenskaplike, tegniese of kommersiële loopbaar kon volg.⁴⁾

(f) Tegniese Onderwys.

n Belangrike stap is in 1907-8 gedoen in verband met die ontwikkeling van tegniese onderwys deur die benoeming van W.J. Horne as inspekteur en organiseerder van tegniese onderwys. Die bedoeling was om tegniese onderwys van n primêre en sekondêre aard sover moontlik te ontwikkel. Die gedagte was om voorsiening te maak vir handwerk op elke dorp en op elke gesentraliseerde plaasskool. Laasgenoemde sou die tegniese laer onderwys verskaf en die tegniese skole in die groter dorpsentra die gevorderde tegnies onderwys. Hierdie skole sou verskil in aard in soverre dat

-
1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Transvaal, 1908-'9, 34.
 2. Ibid.
 3. Bepalingen en Leergangen 1909, 79 e.v.
 4. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl., 1907-10.

hulle soveel moontlik in verband met plaaslike nywerhede gebring sou word.¹⁾

Son tegniese kursus sou drie jaar duur en dit sou eindig as die seun min of meer sy sestiende jaar bereik het. Aanvanklik was dit moontlik om slegs een tegniese skool, naamlik die op Pretoria in Januarie 1909 te open.²⁾ Die laer tegniese onderwys het toe reeds groot afmetings aange- neem.

Die volgende tabel toon die toename in tegniese onderwys, kooksentra en aandklasse aan vanaf 1907 tot 1910:³⁾

Jaar	Tegniese Onderwys		Huishoudkunde		Aandklasse	
	Sentra	Leerlinge	Sentra	Leerlinge	Sentra	Leerlinge
1907	23	1772	2	227	24	497
1908	25	1944	2	193	21	524
1909	21	2680	2	743	50	1732
1910	Geen	opgawe.				

Die Transvaalse Universiteitskollege het in 1908 ook klasse met 782 studente gehad terwyl die Politegniese klas-⁴⁾ se in Pretoria 258 studente gehad het.

Wat die meer gevorderde onderwys betref, was daar in 1908 reeds die „Industrieskool" op Potchefstroom in werking⁵⁾ en aan die begin van 1909 is 'n ambagskool op Pretoria begin.

In verband met tegniese onderwys het die Direkteur drie stadia onderskei, naamlik tegniese onderwys op die laer- skool waar skooltuine, handewerk, kookkuns en naaldwerk onderrig word. Tweedens het hy die gevorderde onderwys op die tegniese of ambagskool geskets en derdens volg die onderwys wat aan die tegniese kollege gegee word.⁶⁾

(g) Opleiding van Onderwysers.

Teen die einde van Junie 1908 was daar 1733 onderwy-

-
1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl., 19-20.
 2. Ibid., 1907-8, 19-20.
 3. Ibid., 1907-1910.
 4. Ibid., 1907-'8, 46.
 5. Ibid., 1907-1909.
 6. Ibid., 1909-1910.

sers teenoor 1400 van die vorige jaar, nadat 340 bedank het. Die groot probleem in Transvaal was dat die onderwysers so maklik uit die diens getree het. Wat nodig was, was 'n personeel van hoër professionele status en 'n lang professionele lewe. Om dit te verkry moes meer liberale diensvoorwaardes soos hoër salarisse en beter verlof aangebied word. Gedurende die jaar 1908 het deur rekrutering die persentasie gekwalifiseerde onderwysers van 61.5 tot 63.6 gestyg. In dieselfde jaar het nie minder as 150 diensdoende onderwysers 'n onderwyserskursus aan die Heidelbergse normaalkollege bygewoon nie om hulle kwalifikasies te verbeter,¹⁾ terwyl 120 aan die Pretoriase normaalkollege in die winter van 1909 'n kursus gevolg het.²⁾ Reeds in die begin van 1909 is naas die Pretoriase normaalkollege die Johannesburgse en Heidelbergse normaalkolleges geopen om voorsiening vir vermeerderde opleiding te maak.³⁾

Die groot en konstante toename van kandidate vir onderwyserssertifikate was 'n verblydende teken. Apart van normaalkollegestudente was daar 187 onderwysers wat aan die einde van 1908 vir die onderwyserssertifikaateksamen ingeskryf het.⁴⁾

In 1909 is daar „Bepalings vir die opleiding van Onderwysers en die uitreiking van Onderwyserssertifikate" in brosjurevorm uitgegee. Drie grade van sertifikate, naamlik 'n derde-, 'n tweede- en 'n eersteklas sou uitgereik word.⁵⁾ Die derdeklas sou binne die bereik wees van die gewone normaalstudent met matriek en een jaar praktiese opleiding; die tweedeklas vir kandidate met intermediêre B.A. en 'n maar stelselmatige ondersoek na die wetenskaplike beginsels van die metode; terwyl die eersteklas intelligente onderwysers

-
1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl., 1907-8, 21-23.
 2. Ibid., 1908-'9, 31.
 3. Ibid., 1907-'8, 23.
 4. Ibid., 31.
 5. Regulations governing the training of Teachers and the Issue of Certificates. June 1909.

met ryp skoolervaring en wye leerkennis in die opvoedkunde ingesluit het.¹⁾

Na die uitbreiding van vakansiekursusse en die vermeerdering van normaalkolleges het die onderwyserskorps, die leerlinge en die skole, tussen 1907 en 1910 soos volg aangewas:²⁾

Jaar.	Onderwysers	Leerlinge	Skole Hoër en Laer.
1907	1400	37,529	702
1908	1733	44,452	843
1909	2044	47,488	927
1910		49,996	905

(h) Skoolsertifikaateksamen.

Aan die einde van 1909 is vir die eerste keer die skoolsertifikaateksamen deur leerlinge in standerd VI en VII geskryf. Die uitslag was baie teleurstellend, deels omdat die eksamen gebaseer was op die nuwe „Bepalinge" wat pas in werking getree het en deels omdat daar ook nuwe vakke ingesluit was wat nog nie vroeër doeltreffend op skool onderwys is nie. Die enigste doel wat die eksamen gedien het was om 'n bepaalde standaard te vind.³⁾

6. (a) Onderwys aan Nie-blankes.

Die onderwyswet het in twee artikels die onderwys aan nie-blankes omskryf. Volgens die wet kon die Minister van tyd tot tyd sulke skole, klasse en inrigtinge oprig of instand hou as nodig of wenslik geag mog word vir die onderwys van kleurlingkinders of kleurlinge. Hy sou dan geldelike tegemoetkomingeⁿ verleen aan sulke skole, klasse of inrigtings wat onder die toesig van 'n blanke sendeling of 'n^{sou staan} persoon wat deur die Direkteur goedgekeur is. Voorts sou

-
1. Regulations governing the training of Teachers and the Issue of Certificates, June 1909, Aanhangsels I-IV.
 2. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl., 1907-1910.
 3. Ibid., 1909-1910.

ook steun verleen word aan sulke skole, klasse en inrigtinge vir die opleiding van kleurlinge as onderwysers.¹⁾ Voortaan sou geen kleurling of kleurlingkind toegelaat word tot enige skool, klas of inrigting, deur wet as n skool, klas of inrigting vir blanke persone bepaal.²⁾

Hoewel die onderwyswet geen verskil tussen nie-blanke kinders maak nie, was dit in die verlede gebruiklik om te onderskei tussen naturelle en gekleurde kinders en om met hulle op twee heeltemal verskillende stelsels te werk.³⁾

(b) Onderwys aan Kleurlinge.

Kleurlinge is net soos blankes behandel, maar hulle het aparte skole met blanke onderwysers gehad. Hulle onderwys was ook gratis en dieselfde leerplan en leergange as vir blankes is gevolg. Die enigste belangrike verskil het in die gradering van die skole gelê. Deurdat daar so min kleurlingskole was, was n bepaalde skema van gradering nie nodig nie. Die soort skole is in die reël deur die Direkteur n trap laer gegradeer as die skole vir blankes met dieselfde inskrywing of skoolbesoek.⁴⁾

Op 30 Junie 1908 was daar 10 sulke skole met 1347 leerlinge,⁵⁾ en op 30 Junie 1910 het die skole tot 12 en die leerlinge tot 1644 vermeerder.⁶⁾

Oor die algemeen was die geboue in n swak toestand en die skole was ook swak toegerus, terwyl die aantal leerlinge per onderwyser baie hoër was, naamlik 35 per onderwyser in vergelyking met blanke skole met slegs 25 per onderwyser. Op 30 Junie 1909 was daar 12 skole met 1605 leerlinge en slegs 46 onderwysers.⁷⁾

Die skole was merendeels in Pretoria en Johannesburg

-
1. Wetten van de Transvaal, 1907, Artikel 28.
 2. Ibid., Artikel 29.
 3. Verslag: Direkteur van Onderwys, Transvaal, 1907-8, 28.
 4. Ibid., 29.
 5. Ibid.
 6. Ibid., 1909-10.
 7. Ibid., 1908-9, 36.

geleë en oor die algemeen het die Departement 'n wakende oog oor hulle gehou.¹⁾

(c) Onderwys aan Naturelle:

Die onderwys van Naturellekinders was tot dusver hoofsaaklik in die hande van die sendinggenootskappe. Behalwe by die Klipspruit-lokasie waar daar 'n goewermentskool was, was dit deurgaans 'n staatsondersteunde stelsel.²⁾

Volgens die onderwyswet het die regering die mag gehad om skole en inrigtings vir Naturellekinders op te rig en te ondersteun. Die vraag was in hoeverre die magte uitgevoer kon word. Die Departement het egter met die Naturelleonderwys groot versigtigheid beoefen, omdat hy nie die teenstelling tussen sektariese- en nie-sektariese skole in die sfeer van Naturelle-onderwys wou hê nie. Dit was egter duidelik dat die sendinggenootskappe nie dieselfde mening oor die saak gehuldig het nie, hoe liberaal die ondersteuning ookal was.³⁾

Terselfdertyd het die Departement besef dat die noue verband tussen die onderwys en die bepaalde werk van die sendinggenootskappe, wat die beginsel was waarop die Suid-Afrikaanse regerings gebou het in verband met Naturelle-onderwys, moes voortbestaan. In lokasies was 'n verandering in die stelsel dringend nodig. Daar moes skole onder kommissies kom waarop die verskillende kerke verteenwoordig kon wees.⁴⁾

Die Wesleyaanse Sendinggenootskap het fasiliteite by die Kilnertonse Opleidingsentrum aangebied. Die Berlynse Sendinggenootskap het dieselfde by Bothsabelo gedoen. Hierdie pogings is beloon deur 'n toenemende begeerte van die kant van Naturelle-onderwysers om die inrigting en ander

1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Transvaal, 1908-'9, 36.

2. Ibid., 1907-'8, 29.

3. Ibid.

4. Ibid.

soortgelyke inrigtings vir vakansiekursusse te besoek.¹⁾ In Desember van 1907 het 102 onderwysers n vakansiekursus op Kilnerton gevolg.²⁾

Die Sending Superintendente van hierdie inrigtings het handearbeid grootliks ontwikkel sodat die onderwysers in die afdeling van die skoolwerk goed voorberei is. Die mans-onderwysers is afgerig in veldwerk, ruwe skryn- en messelwerk wat van nut was in die lewe van die Naturel. Die jong Naturellevroue is in naaldwerk en huishoudkunde opgelei.³⁾

In die jaar 1907-'8 is aan dié soort skole n bedrag van £9000 as steun toegesê. Daar is hulp verleen aan 234 skole met oor die 12,000 leerlinge, aan 4 opleidingsentrums met 125 studente (en 144 in 1909),⁴⁾ asook aan n industriële skool vir Naturellevroue op Rosettenville met 27 leerlinge.⁵⁾ In Junie 1910 het die aantal skole gedaal tot 162 maar die leerlingtal het ondertussen tot 12,447 gestyg en die onderwysers tot 382.⁶⁾

7. Hoër Onderwys.

(a) Histories.

Voor die Tweede Vryheidsoorlog was die Hoër Gimnasium op Pretoria in werklikheid die enigste inrigting vir hoër onderwys in Transvaal.⁷⁾

Na 1902 het die "Council of Education", wat in 1895 gedurende die uitlanderagitatie op die Rand ontstaan het, met die Departement van Onderwys gekoöpereer met die voorbehoud dat voorsiening vir tegniese onderwys in Transvaal gemaak sou word.⁸⁾ Die resultaat was dat n komitee benoem

-
1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Transvaal, 1907-8, 30.
 2. Ibid., 47.
 3. Ibid.
 4. Ibid., 1908-9, 53.
 5. Ibid., 1907-8, 47.
 6. Ibid., 1909-10.
 7. Metrowich: The Development of Higher Education in South Africa, 10.
 8. Ibid., 11.

is wat in 1903 rapport uitgebring het. Twee inrigtings, naamlik 'n polytegniese en 'n "Teaching University" op Johannesburg is aanbeveel. Die universiteit kon eers 'n paar jaar later opgerig word, maar die tegniese inrigting is nog dieselfde jaar opgerig. Hierdie inrigting, wat die werk van die mynskool van Kimberley oorgeneem het, is in 1906 die "Transvaal University College" vernoem.¹⁾

(B) Ontstaan van die Transvaalse Universiteitskollege op Pretoria.

Gedurende 1907-8 het daar 'n sterk gevoel ontstaan dat voorsiening gemaak moes word vir die uitbreiding van die hoër onderwys, omdat baie Transvaalse studente na die Kolonie gegaan het, veral omdat die plattelandse bevolking hulle kinders nie na Johannesburg (die vreemde) wou stuur nie.²⁾

Onder hierdie besef het die Transvaalse regering 'n departementele kommissie onder voorsitterskap van Adamson benoem met verteenwoordigers uit die Regering en die "Transvaal University College". Hulle moes rapport oor die hoër onderwys in Transvaal uitbring. In hulle verslag is aanbeveel dat die "Transvaal University College" in drie departemente verdeel moes word: 'n landbouafdeling by Frankenwald, 'n literêre en wetenskaplike departement op Pretoria en 'n tegniese departement op Johannesburg.³⁾

Die Frankenwald-inrigting het deur die mat geval en die Regering het kort daarna die ander twee voorstelle van krag gemaak. In 1908 is 'n wetenskaplike en literêre afdeling op Pretoria geopen as deel van die "Transvaal University College". Daar was 'n argument oor die noodsaaklikheid om voorsiening te maak vir die algemene akademiese opleiding van die meer gevorderde studente aan die normaalkollege

-
1. Metrowich: The Development of Higher Education in South Africa, 11.
 2. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl., 1907-'8, 28.
 3. Metrowich: a.w., 11.

op Pretoria.¹⁾

Die Transvaalse Onderwysdepartement het voorsiening vir die onderrig in lettere, wysbegeerte, wis- en natuurkunde vir die hoër eksamens van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop gemaak deur die universiteitsklasse op Pretoria. Later het hierdie reëlins onder beheer van die Raad van die Transvaalse Universiteitskollege gekom. Aanvanklik was daar n personeel van 4 professore, n tydelike rektor en n sekretaris en omtrent 30 studente op Pretoria. In die tweede helfte van 1909 het die Transvaalse regering £50,000 gestem vir die oprigting van n permanente kollegegebou.²⁾

In 1910 is die wet vir inkorporasie aangeneem waardeur die afdeling van die Transvaalse Universiteitskollege op Pretoria n selfstandige inrigting geword het.³⁾ Die konstitusie van die "Transvaal University College" wat onder wet nr. 7 van 1903 saamgestel is en van tyd tot tyd geamendeer is, is hierdeur herroep.⁴⁾

Met die stigting van selfstandige klasse in Pretoria wat voortaan die "Transvaalse Universiteitskollege" sou heet, is die Tegnologiese Departement op Johannesburg verander tot die "Suid-Afrikaanse skool vir Mynwese en Tegnologie".⁵⁾

(c) Landbou-Onderwys.

Die stigting van n landbou-kollege het net by die voorstelle van die regeringskommissie gebly.⁶⁾

In 1909 het die Transvaalse Regering gedeeltelik hieraan uitvoering gegee deur die opening van n landbouskool op Potchefstroom in samewerking met die proefplaas aldaar. Die vereiste vir toelating was standerd 7 en n uitgebreide tweejarige kursus in veeteelt, akkerbou, tuinbou, bosbou,

-
1. Metrowich: The Development of Higher Education in South Africa, 12.
 2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 118.
 3. Wetten van de Transvaal, 1910, Wet Nr. 1 van 1910, Art.2.
 4. Ibid., Art. 1.
 5. Metrowich: a.w., 12.
 6. Ibid.

suiwelbereiding, pluimveeboerdery, smedery ens. is aangebied.¹⁾

In 1910 is deur wetgewing die oprigting en inlywing van die Transvaalse Landboukollege vir kursusse in landbou, veeartsenykunde en aanverwante vakke op Pretoria bepaal.²⁻

Laastelik dien genoem te word die veeartsenykundige laboratorium op Onderstepoort. Met die oprigting van n Landboudepartement in 1902 is die bakteriologiese laboratorium, in 1897 deur die Republikeinse Regering opgerig, onder die bestuur daarvan geplaas.

In Julie 1906 het die Regering fondse gestem vir die stigting van n nuwe laboratorium op Onderstepoort. Vanaf Unifikasie in 1910 het die laboratorium onder die Unie-landboudepartement geressorteer.³⁾

8. Kritiese Beskouing.

(a) Inleiding.

Die tydperk tussen 1907 en 1910 wss n tydperk van toetsing, aanpassing en omvorming van die onderwys in Transvaal. Uit die bostaande onderwysstelsel moes die nuwe nou metodies, sistematies en skeppend optree. Van die Onderwysdepartement tot by die skoolkommissie van die verafgeleë eenmanskool is na rigting gesoek. Botsings tussen skoolkommissies en skoolrade was veelvuldig. Meer as een verskil is na die Minister vir oplossing verwys.

Oor hierdie tydperk het die Direkteur hom soos volg uitgelaat: „No doubt considerable momentum was transferred from the old system to the new, but the remarkable increase of activity indicated below, is largely due to the fact that the principles and ideals which the Act formulates

-
1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 118.
 2. Wetten van de Transvaal, 1910, Wet No. 2 van 1910, Artikels 2 en 3.
 3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 119.

were familiar and acceptable to the people of the Colony".¹⁾

Nieteenstaande die proefneming was die onderwysmasjinerie doeltreffend, kwantitatief sowel as kwalitatief om die opvoeding en onderwys in Transvaal te bevorder en uit te bou.

Die vraag ontstaan hoe die onderwyswet van 1907 die volk in die algemeen en die onderwysstelsel van die vorige jare in die besonder geraak het.

Aangesien die C.N.O. met die godsdiensvraagstuk son fundamentele beginsel geraak het by die formulering van die onderwyswet en daarmee deeglik rekening gehou moes word (want die godsdienssaak was deel van die lewe en persoonlikheid van die Afrikaanse volk) sal dit hier as skoolvak tesame met die taelvraagstuk, wat gegaan het om eie behoud van die entiteit van die Afrikaanssprekendes, krities behandel word.

(b) Die C.N.O. en Godsdiensonderwys.

n Groot ommekeer het op onderwysgebied ingetree. Dit het vir die Afrikaanssprekendes n geweldige aanpassing beteken om van die C.N.O. na die staatstelsel oor te skakel. Gewoond aan die onderwys wat van plaaslike inisiatief uitgegaan het, moes die ouers nou tevrede wees met die adviserende hoedanigheid wat skoolkommissies besit het. Die onderwys is uit die hande van die ouers geneem en in die hande van die staat geplaas wat n vry onderwys voorgeskryf het wat boonop ondogmaties en nie-sektaries van aard moes wees.²⁾

n Groot mate van onrus en stille ontevredenheid het by n groot gedeelte van die Afrikaanssprekendes geheers. „Dat echter de Engelse bladen als 'Star' en 'Transvaal Leader' er zo hogelik mee ingenomen^{zyn} vindt men weer een bedenkelijke

-
1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl., 1907-'8, 2.
 2. Wetten van de Transvaal, 1907, Wet Nr. 25 van 1907, Artikels 18 en 34.

teken, alleen ingenomen met het geen in het nadeel is der oude bewoners van Transvaal."¹⁾

Ontevredenheid het by n deel van die volk geheers oor die amalgamasie van C.N.O. en regeringskole. As gevolg hiervan het daar reaksie ontstaan wat veral van die Gereformeerde manne uitgegaan het. Son reaksie is in Potchefstroom onder leiding van prof. L. Cachet en dr. J.D. du Toit op tou gesit.²⁾

In n gepubliseerde lesing van dr. J.D. du Toit oor „Christelyk onderwys met of zonder dogma" (1908) het hy aangetoon dat die dogma die ereplek by die opvoeding op skool moet hê, want Gods Woord eis die opvoeding van ons kinders in die lering en vermaning van die Here, omdat die kind nie kan leer en leef sonder eie oplossing wat Gods Woord van die groot vraagstukke van lewe en wetenskap gee nie, en omdat n lewe in heiligheid ter ere van God die wese en doel by alle opvoeding moet wees.³⁾

Die amalgamasie van die Transvaalse C.N.O.-skole het nie in die smaak van almal geval nie: „Ook thans is er nog geen eendrachtig streven. De Vereenigde Kerk gaat met de Wet mee; de Gereformeerde doet het nie. En Potchefstroom laat het oude C.N.O. links liggen, wacht selfs niet totdat het ontbonden is. Ook was de naam: Vrye school met staats subsidie, als lynrecht staande teenover het aangenomen Regeringssysteem verkieslyker geweest dan die van C.N.O.".⁴⁾

Verdere reaksie teen die Smutswet is in die pers en kerkorgane geopenbaar. Onder die opskrif: „Buigen of Agiteren" in „Het Kerkblad" van 1 November 1908 is hewig teen die wet te velde getrek. Die skoolwet is hoog geroem omdat alle godsdienstige partye bevredig word, het die blad voortgegaan. Dit is egter niks anders as ydele woordekraam nie.

1. De Volkstem, 7/8/07.

2. (a) Het Christelyk Schoolblad, 16/8/07.

(b) du Toit: Christelyk Onderwys met of zonder Dogma.

3. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel, 39.

4. Het Christelyk Schoolblad, 16/8/07.

Nie alleen was daar stille ontevredenheid en n geduldige verduring van die gewetensdwang wat uitgeoefen word nie, maar veel meer.¹⁾

Na n skrywe van een van die gereformeerde predikante aan die Koloniale Sekretaris oor die sing van godsdienstige liedere en gesange in die skool, het die saaklike antwoord van die Direkteur hierop neergekom dat geen dogma in die skole onderwys mag word nie, maar andersyds dat godsdienstige liedere wel deur die skoolkinders gesing mag word. Die artikel in die „Kerkblad" is geskryf na aanleiding van n onderwysdebat in Pretoria op 30 Junie 1908 met dr. J.D. du Toit aan die een kant. Op die vraagsuuk van die dogma wat uit die skole geweerd is, het hy die volgende gesê: „De akker der Bybelse geschiedenis wordt met onvruchtbaarheid geslagen door de wering van het Dogma".²⁾

Dr. Du Toit het verder daarop gewys dat gewyde liedere en die gebed ook van dogmatiese aard is en om konsekwent te wees, moes hulle dan ook van regeringsweë uit die skole geweerd word.³⁾

Prof. Kamp het ook teen die wet te velde getrek. Volgens hom behoort die skool nie aan die regering nie, maar aan die ouers. Die staat en kerk behoort hulle medewerking te verleen aan die skool van die ouers.⁴⁾

Die skool wat dan nodig is vir ouers van n Christelike belydenis is die wat die Christelike opvoeding van die huisgesin voortsit en waar daar aansluiting tussen huisgesien en skool is. Die onderwysers sal in die taak van die onderwys en opvoeding dieselfde hoë doel voor oë moet hê as die ouers.⁵⁾

Die Heer A.J. Emous het ook sy mening oor Bybelonder-

-
1. Het Kerkblad, 1/11/08.
 2. De Volkstem, 30/6/1908.
 3. Ibid.
 4. Kamp: De School hoort aan de Ouders, 5.
 5. Ibid.

wys gelug. Hy kon dit nie goed begryp hoe by Bybelonder-
rig geen leerstuk van enige kerk of sekte onderwys mog
word nie: „De Bybelse geschiedenis toch is de draagster
van leringen en waarheden die er zo geleidelik uit voort-
vloeien, dat we niet anders verwachten kunnen dan dat de-
ze formulering aanleiding geven zal tot tal van moeilikhe-
den, al weer niet buiten de grotere plaatsen, maar juist
waar de bevolking zo gemengd is”.¹⁾

Die ontwerper van die wet sou wel bedoel het om die
kenmerkende leerstukke wat die kerke verdeel uit die skool
te weer, maar met sy formulering is die hele heilsleer,
ook wat die kern betref, uitgesluit. Emous het dit as
onmoontlik beskou om son gemengde en uiteraard verdeelde
nasie deur een skool te bevredig.²⁾

Deur hierdie agitasie in die pers, tydskrif en bros-
jure het dit geblyk dat die ideaal vir C.N.O. nie dood was
nie.

In n reeks kongresse vanaf 1909 is die ideaal van
C.N.O. steeds verder gepropageer en teen die onderwyswet
te velde getrek.

Op die kongres van „Het Volk” in Julie 1909 het dit
duidelik geblyk dat die voormanne geen Christelike onder-
wys wou hê nie.³⁾

Teen n voorstel van Piet Grobler oor vrye skole met
staatsondersteuning het Botha en Smuts hulle met alle krag
verset. Die publiek sou dan verplig wees om na die £-vir-
£-stelsel oor te gaan. Die argument het raak getref, want
die volk was oor die algemeen bang om te betaal. Vir die
vrye skole sou betaal word mits die staat hulle slegs te-
gemoet kon kom ten opsigte van burgerlike vakke. Die bang-
maak-vir-betaling-politiek het die gewenste uitwerking ge-

-
1. De Volkstem, 7/8/08 - Art. Heer A.J. Emous.
 2. De Volkstem, 7/8/07.
 3. Het Kerkblad, 1 Julie 1909.

had. Ook Generaal De la Rey het die volgende opmerking gemaak: „dat hy veel respekt bied voor de kerk, maar die moet op eigen gebied blyven - geen politieke bemoeiing”.¹⁾

In hierdie geval kon die staat hom vry met die skool inlaat en die skool kon vry deur die staat vir politieke oogmerke gebruik word.

Voor 1907 het die voormanne hulle kragdadiglik beywer om die C.N.O. in die lewe te roep. Op die C.N.O.-kongres in April 1907 het ook Botha die beginsel van staatsteun voorgestel en bepleit. Sy voorstel is met akklamasie aangeneem.

Sedertdien het Botha en Smuts aan die roer van sake gekom. Die C.N.O. was n magtige hefboom om hulle aan die bewind te plaas. Net na die politieke oogmerk bereik is, is die C.N.O. die nek ingeslaan.

Origens is maar weer versigtig gehandel om die owerheid om toegewings te vra. Op n C.N.O.-kongres in 1909 is aan die hoofkommissie opgedra om die Regering te nader en te vra dat die onderwyswet so gewysig moes word dat ouers wat teen staatskole was, vrye skole kon oprig; dat skoolkommissies die reg sou hê om vakatures in hulle skole op staatskoste te adverteer en vereistes aan die godsdiens en taal te mag stel; dat uit n opvoedkundige oogpunt die beginsel van tweetaligheid so toegepas moes word dat in die laerskole die moedertaal van die kind die medium van onderwys sou wees.²⁾

(c) Uitwerking van die Wet op die Taalvraagstuk.

(i) Inleiding.

In 1909 is benewens die nuwe bepalinge vir laer en middelbare skole en afdelinge vir blankes kinders ook die voorgeskrewe leerplan op 1 Junie van dieselfde jaar uitgegee.³⁾

1. Het Kerkblad, 1 Julie 1909.

2. Ibid., 1/8/09.

3. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl., 1908-9, 28.

Die Direkteur het in sy verslag 1908-9 die nuwe leerplan beskryf as „the most important event of the year”, want dit was n taak wat lank agterweë gebly het as gevolg van die werk wat gedoen moes word „in the direction of re-modelling the whole of the departmental machinery”, en „it is clear that everything in the system is ultimately ancilliary to the content of the education which the schools are to give”.¹⁾

(ii) Die Taalvraagstuk.

Oor taalonderwys is op 6 Februarie 1908 volledige instruksies uitgereik. Volgens die Direkteur se verslag is meer as die helfte van die skooldag op die platteland aan die onderwys van tale gewy. Die Direkteur, wat eenheid van die twee bevolkingsdele gepropageer het, het beweer: „it is indeed a costly tribute even to so high and necessary an ideal as national unity”.²⁾

Volgens die inspekteursverslae het die onderwys van die twee tale baie te wense oorgelaat. Die Direkteur het die lae peil van die twee tale aan die eenmanskole en aan onderwysers wat nie goed tweetalig was nie, toegeskryf. Die oplossing van die taalprobleem sou in sentralisasie geleë wees.³⁾

Behalwe die bogenoemde oorsaak van swak taalonderwys as die resultaat van die eenmanskool, onervarenheid van die onderwyser en onsistematiese en soms onmetodiese onderwys, was daar n diepliggende opvoedkundige faktor wat tweetaligheid gestrem het. Vir die Afrikaanssprekende kind was beide die offisiële tale vreemd. Die Engelssprekende kind is in sy moedertaal opgelei en die tweede taal kon makliker aangeleer word, eers as hy sy eie moedertaal ken.

Die Afrikaanssprekende kind is nog nie gestrem deurdat

-
1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl., 1908-9, 28.
 2. Ibid., 25.
 3. Ibid., 1907-8, 28.

hy tot standerd III in sy moedertaal onderrig kon ontvang maar dat n kennis van Engels as n voorwaarde tot promosie gestel is nie.¹⁾

Die Direkteur, wat n nasionale onderwysstelsel met sy taalregulasies voorgestaan het, het die feit benadruk dat „the primary aim of education is not to develop and sustain any particular language”.²⁾

Dit het glad nie gerym met artikel 31 van die onderwyswet nie. Die volk het nie beseft in hoe n ongunstige en hopelose posisie die Afrikaanse kind geplaas is nie. Dit was die motief van die Engelse politiek in alle Britse besittings om die oorwonne nasies deur middel van die onderwysstelsel te verengels.³⁾

Die algemene omsendbrief nr. 1 van 1908 het onder andere die tyd bepaal wat aan Engels gewy moes word benede standerd IV waar Hollands die huistaal van die leerlinge was.⁴⁾ Van standerd IV af was die medium deurgaans Engels.

In dieselfde omsendbrief is daarop aangedring dat die aanleer van Hollands in Engelse skole in standerd III behoort te begin. Vir die Afrikaanse kind is dit, volgens hierdie wet en omsendbrief, opvoedkundig gesond om Engels reeds in die grade te begin, maar vir die Engelse kind is dit ongesond om met Hollands te begin voor standerd III.⁵⁾

Die eerste skoolraadskonferensie het n besluit eenparig goedgekeur dat die onderwyswet so spoedig moontlik geamendeer moes word sodat beide tale presies gelyke regte sou besit.⁶⁾ Voorlopig het van die goeie besluit niks gekom nie, want „the Government was not prepared to consi-

-
1. Wetten van de Transvaal, 1907, Onderwyswet Nr. 25 van 1907, Artikel 31.
 2. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl. 1908-9, 26.
 3. Botes: Die Taalmediumvraagstuk, 50.
 4. Verslag: a.w., 1907-8, Aanhangsel I, Artikel II.
 5. Botes: a.w., 52.
 6. Verslag: a.w., 1908-9: Aanhangsel I, 179.

der amendments which touched essential principles of the Act and which would be of a controversial nature".¹⁾

In sy rapport van 1909-10 het die Direkteur daarop gewys dat artikels 30 en 33 van die skoolwet teenstrydig was. In 'n paar gevalle is skoolrade op die Witwatersrand gevra om die gebruik van Engels as medium goed te keur, alhoewel die meerderheid van die leerlinge Hollandssprekend was. Die rede van die versoek was dat, aangesien die toekoms van hierdie leerlinge in 'n Engelse gemeenskap opgesluit gelê het, daar geen beperkinge vir die kinders moes wees om die gebruik van die Engelse taal so goed as moontlik te bemagtig nie. Die versoek is toegestaan.²⁾ Die feit het egter bly staan dat artikel 30 van die wet nie in daardie skole uitgevoer is en niemand teen die verandering beswaar gemaak het nie.

Oor die drie klasse mediumskole het die Direkteur ook opgemerk dat "forced segregation is opposed to unity in the nation".³⁾ Tot sover het die Engelse kind die voordeel gehad van een medium, naamlik Engels, terwyl die Afrikaanse kind twee moes bemeester vanaf standerd IV. Die Direkteur sou baie graag almal deur Engelsmedium laat leer het terwille van volkseenheid, want hy het verder beweer dat "there is probably little loss" waar Afrikaanse kinders deur Engelsmedium geleer word, "because it must be remembered that the children under discussion (d.w.s. in parallelklasse) live in an environment where English is a prevalent language". Hy het tot die slotsom geraak dat "the sooner the recurrent discussion of the medium problem disappears or is relegated to its proper subordinate position, the better".⁴⁾

Die maklikste manier om die hele vraagstuk op te los,

-
1. Verslag: Direkteur van Onderwys, 1908-9: Aanhangsel I, 179.
 2. Botes: Die Taalmediumvraagstuk, 52-53.
 3. Ibid., 54.
 4. Ibid.

was om almal deur Engelsmedium te laat leer, want die Afrikaanse kind ly geen skade daardeur nie. Dit was die houding van die opvoedkundiges aan die hoof van die Onderwysdepartement. Duisende Afrikaanse kinders het tydens dié dae hulle onderwys deur Engelsmedium ontvang.

Uit die Eerste Minister se kantoor is geantwoord dat geen wysigings in die wet toegelaat kon word nie en dat die beginsels van die onderwyswet heilsame invloed uitoefen het en algemene tevredenheid in die hand gewerk het. ¹⁾

Nieteenstaande die feit dat geen gunstige oor aan die C.N.O.-manne verleen is nie, het die beweging nie doodgeloop nie maar is die fakkel altyd brandende gehou. Hierdie beweging sou in Transvaal en in Suid-Afrika veel doen vir die behoud van die Afrikaanse kultuur, taal, godsdiens en nasionaliteit. Dit sou nog daartoe bydra dat Afrikaans as taal en medium in die Suid-Afrikaanse skole tussen 1917-1925 tot sy reg sou kom. Die C.N.O.-beweging sou 'n magtige wapen in die hande van die volk van Suid-Afrika wees wanneer aan sy heilige regte in verband met die opvoeding van die kind onregverdiglik getorring word.

(d) Skeppinge van Nuwe Instellings.

In teenstelling met die twyfel by 'n gedeelte van die bevolking in Transvaal het by die volksleiers, die onderwysowerheid en die grootste gedeelte van die inwoners weer ingenomenheid oor die onderwyswet geheers.

Wat die verloop en toepassing van die regulasies en klousules van die wet betref, het daar ongetwyfeld 'n aansienlike momentum van oordrag van die oue na die nuwe stelsel plaasgevind. Hierdie merkwaardige vordering in die onderwys kon grootliks toegeskryf word aan die feit dat vir die oorgrote meerderheid van die bevolking die klousules van die wet aanneemlik was.

1. Het Kerkblad: 1/7/1910: Brief L. Botha: Eerste Ministerskantoor.

In 'n brief van Generaal Botha aan Generaal C.F. Beyers het hy geskryf dat die grondbeginsels van die huidige onderwyswet 'n mate van algemene tevredenheid en samewerking van beide blanke rasse verseker het. Enige eventuele verandering van die wet wat die nasionale doeleindes aan 1) seksionele belange sou opoffer, sou nie gedoog word nie.

In die onderwysverslag 1906-7 het Direkteur Adamson 'n omvattende rapport, wat die ingenomenheid van die volk sou vertolk, geskryf oor die funksie van die plaaslike liggame, die onderwysraad, die taal en godsdiensoepalings, onderwyspersoneel en die onderwys van nie-blankes. Sy slotopmerking oor die wet was: „Generally I think it is true to say that the Education Act of 1907 is in a real sense a Transvaal Act in that it reflects, as it should, the aspirations and traditions of the Transvaal people and is, at the same time, a comprehensive statutory instrument which embodies the principles of a sound system of public education, and under which suitable and liberal educational opportunities may be given to all sections of the inhabitants of the Colony. It is, in a word, native, sound and liberal". 2)

Dat daar belangrike veranderinge vanaf 1907 tot 1910 ingetree het, kon uit die volgende waargeneem word:

(i) Toename van Aantal Onderwysinrigtings.

In 1903 was daar 393 Sargant-Milnerskole met 26,928 leerlinge; in 1907 het die aantal skole tot 702 en die leerlinge tot 37,529 gestyg. In 1910 was die aantal 905 skole met 49,996 leerlinge. 3)

Die styging in skole en leerlinge kon aan 'n paar redes toegeskryf word. Eerstens kan die rede van verpligte skoolbesoek die leerlingtoename veroorsaak. Die onderwys-

-
1. Het Kerkblad, 1 Julie 1910: Brief Botha aan C.F. Beyers: 26/4/1910.
 2. Onderwysverslag, Transvaal, 1906-'7, 7.
 3. Malherbe: Education in South Africa, 345-'6.

wet, het ouers wat versuim het om leerplichtige kinders na skool te stuur, aan vervolging blootgestel. Noodwendig het gevolg dat met die toename van leerlingtalle skole opgerig moes word. Tweedens het die wet voorsiening gemaak vir skoolbesoekbeamptes wat opgawes van leerlinge aan skoolrade moes verstrek. Oor die algemeen het skoolrade, skoolkommissies en skoolbesoekbeamptes mekaar in die hand gewerk om te sorg dat elke leerling onderwys moes geniet. n Derde rede vir die vermeerdering van leerlinge was dat na 1907 die na-oorlogse gebore kinders juis in die tyd skoolpligtig geword het. Vierdens het die kostelose onderwys die inskrywings gunstig beïnvloed. Vyfdens het die toename van hoërskole, tegniese skole en die instelling van laerskole met hoërafdelings die saak bevorder. Daar kon aangevoer word dat die plattelandse bevolking deur die oorlog verarm en geruïneer was en dat die kinders daarom die skool getrou besoek het. Die jeug moes in plaas van die boerdery hulle vir ander beroepe soos onderwys, die staatsdiens, handel, nywerheid en die mynwese bekwaam. Daarby kon gevoeg word dat die Onderwysdepartement gratis beurse aan studente uitgeloof het wat hulle vir die onderwysprofessie wou bekwaam. Om hierdie rede moes dit noodwendig volg dat die Pretoriase en Heidelbergse normaalkolleges apart van die Johannesburgse geopen moes word.¹⁾ Vir hoër onderwys is die landboukollege op Potchefstroom in 1909 opgerig, die Transvaalse Universiteitskollege in Pretoria en die Suid-Afrikaanse skool vir mynwese en tegnologie in Johannesburg in 1910.²⁾

(ii) Besturende Liggame.

Die doeltreffende onderwysmasjinerie wat in werking was, het baie bygedra tot die vordering op onderwysgebied.

-
1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Tvl., 1907-8, 23-24.
 2. Metrowich: The Development of Higher Education in S.A., 12.

Die Onderwysdepartement, met die Direkteur, die sekretaris en administratiewe personeel het goed gekoördineer:

"I wish to put on record my appreciation of the loyal co-operation of all branches of the office", het die Direkteur gerapporteer.¹⁾

Die inspekteurskorps is so aangestel dat elke skoolraadsdistrik of n paar distrikte gekombineerd n inspekteur sou hê. Die inspekteurs het leiding gegee in samewerking met die skoolrade en -kommissies om die onderwyszaak ten beste te dien, skole te stig, te sentraliseer, transport en vervoerbeurse toe te ken. Hulle werk is verder deur die Direkteur soos volg gestel: "Inspectors will become not only inspectors but instructors in method and organisation".²⁾

Die onderwysraad was n gewenste en n bruikbare instelling. Die Raad het as skakel gedien tussen die Minister van Onderwys, die Direkteur en die skoolrade. Die verdienstelikheid van son Raad is deur die Direkteur soos volg opgesom: "I am of opinion that the establishment of the Council has been altogether in the interest of education. It has secured that the various questions of principle and practice which from time to time arise for decision have received a many-sided consideration. Moreover, difficulties which must arise in a system which combines local advice and central control are very materially diminished by the existence of the Council".³⁾

Die skoolkommissies was meer adviserende instellings om die skoolrade by die benoeming van onderwysers te adviseer, toesig te hou oor skoolgeboue en terreine, en om adviserend op te tree in verband met sentralisasie.

Die ouers het gevoel dat volgens hulle Gereformeerde kerkreg hulle seggenskap op die skool van hulle vervreemd

1. Verslag: Direkteur van Onderwys, Transvaal, 1907-'8, 6.

2. Ibid., 1908-9, 9.

3. Ibid., 9-10.

is. Hulle kon nie meer die beheer oor die skole uitoefen soos vroeër nie, terwyl hulle tog die oorspronklike oprigters en onderhouers daarvan was.¹⁾ Die bevoegdheid om self hulle onderwysers te benoem, toesig te hou oor die godsdiensonderrig en die algemene Christelike karakter van die onderwys van die skool is hulle ontnem.²⁾

(e) Die Onderwyspersoneel.

Soos reeds aangetoon, het die onderwysers na verhouding met die leerlingtalle toegeneem. Die C.N.-onderwysers is tot die regeringskole toegelaat. Deur die vermeerderde fasiliteite om onderwysers in normaalkolleges op te lei asook deur die instelling van onderwyskursusse aan die kolleges, is die sertifikate jaarliks verbeter.

As gevolg van die beperkende maatreëls volgens die onderwyswet mog geen dogma van enige aard op die skole verkondig word nie.³⁾

Verder mog onderwysers hulle nie vereenselwig met enige politieke party of beweging nie. Hulle is ook uitgesluit van gewone lidmaatskap van enige politieke vereniging.⁴⁾

Deur hierdie onderwysregulasies is die onderwyser so gekniehalter dat hy nie sy volle burgerreg kon uitleef nie. Op twee fundamentele terreine van die lewe mog hulle hulle dus nie binne sowel as buite die skool uitlewe nie, naamlik op nasionale en godsdienstige gebied. Hierdie twee terreine is essensieel omdat sowel die nasionale as die godsdienstige beskouings n inherente deel van iemand se lewens- en wêreldbeskouing uitmaak. H.E.S. Freemantle skryf in verband hiermee: „More than once since the failure of De Mist's great Education Ordinance in 1804, education has

1. Coetzee: Die Gereformeerde Beginsel, 10.

2. Ibid., 11.

3. Wetten van de Transvaal, 1907, Wet Nr. 25 van 1907, Artikel 34.

4. Onderwyswetten van 1907-1909, Diensvoorwaardes van Onderwysers, Artikel 9.

suffered because it has not satisfied the religious and idealistic sense of the people. No doubt, these essential elements - patriotism, reverence, appreciation of high things - are more in the spirit and atmosphere than in the curriculum of a school, and more in the personality of the teacher than in the syllabus or scheme of study, but this only means that they are the most important part of the whole system".¹⁾

(f) Onderwys aan Nie-Blankes.

Artikels 28 en 29 van die onderwyswet het ook vir nie-blankes vir onderwys voorsiening gemaak. Die leerplan van onderrig was maar 'n verkorting van die vir blankes.²⁾

Die onderwys aan nie-blankes het aan heelwat gebreke mank gegaan. Tot 1909 was net op Klipspruit-lokasie 'n goewermentskool. Die ander was almal ondersteunde skole en hulle het onder beheer van Sendinggenootskappe gestaan. Die genootskappe van buitelandse sending het eerstens 'n leer verkondig wat lynreg in stryd was met die Calviniste, 'n leer waardeur die nie-blanke godsdienstig en maatskaplik met die blanke gelyk gestel word. Hierdeur raak die nie-blanke nie alleen ontaard nie maar hy word ook nasionaal ontstam.

Die leerplan was vir blankes bedoel. Daarby moes 'n onderwyserskorps, waarvan in die begin van 1907 65 uit 305 gesertifiseerd was, son leerplan toepas wat vir Westerlinge bestemd was.³⁾

Voorts moet daarop gewys word dat die leerplan Engelsgeoriënteerd en onnasionaal vir die nie-blankes was. Hierin lê die onnasionale en veral in die atmosfeer waaronder die nie-blankes onderrig ontvang het. Die nie-blanke kon nie anders nie as om as 'n blanke te ontpop en heeltemal te

1. Freemantle: The New Nation, 230.

2. Loram: The Education of the South African Native, 63.

3. Ibid.

vereuropees as gevolg van hierdie onnasionale en liberalistiese lewensopvatting. Die voertaal moes tot standerd II die moedertaal wees en geleidelik moes die amptelike taal van die omgewing ingevoer word. Die gevolg was dat in die Sendingskole Engels as voertaal verkies is. Dit is geen nasionale onderwys nie, want die moedertaalonderrig is hier net voorbereidend vir die inlywing in 'n vreemde kultuur en dit belemmer die kind se nasionale uitkyk.¹⁾

Wat die geskiedenis betref, is dit meer 'n internasionale, kleurlose doelstelling wat beoog word. Insteede van Suid-Afrikaanse is Engelse geskiedenis behandel en die eie verwaarloos.

Die kulturele vakke het vir die nie-blanke die teoretiesabstrakte tot doel geword. Die aanraking van die nie-blanke met beskawingstoestande en sy ervaring dat hy gebruik word om die „hande-arbeid“ te verrig, het daartoe bygedra om 'n sterk strêwe by hom te wek om ook beskaaf te word. Die gevolg was om alles wat in 'n skool vir blankes geleer word, in 'n gewysigde vorm sy eie te maak.

Hierdeur het die skool vir die nie-blanke nie die plek geword om hom te bekwaam vir sy eie maatskaplike omgewing nie, maar 'n middel om hom in te lyf in die beskawing van die Westerling.

Die vaardigheidsvakke soos hande-arbeid en landbou wat tot 1910 so verwaarloos was, het hy nie alleen begin verfoei nie, maar ook met agterdog bejeën, omdat hy dit as middele beskou het wat die blanke toepas om hom „op sy plek“ te hou.

1. Nel: Naturelle Opvoeding en Onderwys, Deel I, 90.